


TYDSKRIF  
VIR LETTERKUNDE

NOVEMBER 1971  
NUWE REEKS: IX : 4

*Hennie Aucamp*



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

# tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

COENIE RUDOLPH

**Skakelredaksie:**

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts  
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij  
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber  
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters

November 1971

Nuwe reeks ~~VIII~~ VIII : 4

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R3 per jaar. Los nommers: 75 sent per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak  
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings  
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

## INHOUD

<b>C. G. S. de Villiers</b>	: Die Slaweklok ... .. 1
<b>Elsabe Steenberg</b>	: Pers Olifant ... .. 7
<b>M. Moelaert</b>	: Met Raymond Brulez op het Spoor van de Muze ... .. 11
<b>Ryda Schulze</b>	: Divina Comedia ... .. 12
<b>C. F. Rudolph</b>	: Brutus, my Brutus ... .. 15
<b>Daniël v. Ryssel</b>	: Motor Cross ... .. 17
<b>Dr. S. J. du Toit</b>	: Totius, Multatuli, in Twee Volksliedjies ... 19
<b>P. J. Schoeman</b>	: Basiejan-hulle ... .. 23
<b>D. P. M. Botes</b>	: Nagwag ... .. 35
<b>Frans Pointl</b>	: Take Me With You ... .. 36
<b>J. Mostert</b>	: My Suster ... .. 37
<b>J. A. de Coning</b>	: Heidelberg se Bydrae ... .. 39
<b>W. Pretorius</b>	: Hoe om die Wêreld te Verower ... .. 44
<b>Stephen Arnold</b>	: Gedagtes in die Wind ... .. 45
<b>Sarel Smit</b>	: A.D. ... .. 46
<b>P. J. Nienaber</b>	: 'n Musiekdokumentasiesentrum ... .. 47



DIE SLAWEKLOK

„Ou Berge” is ’n eienaardige naam vir ’n Bolandse patrisiërwoning wat nie naby die Bolandse berge lê nie. Dit is ook oorbekend dat sy sewentiende eeuse naam **L’Auberge**, die Herberg, was. Die voorgeweldra die datum 1760 en die voorletters LVN en AT, dié van die bouers van die huis, Leendert van Niekerk en Alida Tesselaar. Die stoep eindig met twee kliprusbanke waarop niemand meer sit nie. Iemand gooi seker nog die groen balies malva met hulle bloedrooi blomme nat. Maar niemand gebruik die stoep meer nie, en die slot van die voordeur is so wispelturig dat hy hom maar selde verwerdig om ontsluit te word. Die twee reuse-akkerbome voor die deur se dae is getel, en hulle stamme bestaan net uit dun korste. Agter die huis staan daar ’n oeroue adamsvyboom wat nog elke jaar sy sappige pers vrugte dra.

Die kloktoring het dieselfde patina as die van die huis, die ruwe oppervlakte wat geen hersteller van ou herewonings aan die gekalkte muur kan verleen nie. Maar aan die gewelf van die toring hang geen klok nie, op die werf is daar geen slawe meer wat deur die klokgelui geroep word om hulle „resoene” te kom haal nie. Die suidelike gedeelte van die groot werf met verwilde blomtuin en sy ewig verlate stoep is as ’t ware uit stilte gebou, die doeningheid in die huis geskied nou aan die sonnige noordekant.

En een aand sit ek en Johannes lekker met ons gasheer Flip en sy vrou in die lang voorhuis en gesels. Die eerwaardige ou vertrek is nie tot museum verander nie, die paar stukke ou meubels staan op die groot Bosmanteëls van die vloer asof hulle nooit ’n ander staanplek geken het nie. Alles is roerloos stil in die vername vertrek asof die swye van die werf en die stoep die voorhuis ingetrek het. Links en regs is die geelhoutdeure na die twee slaapkamers waarvan net een gemeubileer is en gebruik word. Die ander een met sy ewig en altyd moedswillig opstaande of oopgaande deur word aan die agtiende eeuse Leendert van Niekerk afgestaan — die huismense weet dat hy daar in sy leunstoel sit, want hy word gereeld deur sy geel hond daar besoek. Vriende weet dat hierdie koel linkerkamer Flip se bêreplek vir sy waatlemoene is.

Daardie aand gesels ons oor ou Bolandse plase, verdwene vername Bolandse families, oor verlate werwe waar nóg die gerunnik van perde nóg die geblêr van skape, nóg die gebulk van beeste, nóg die gekekkel en gekraai van hoenders meer gehoor word nie. Ook nie die bevel van die baas en die antwoorde van die werksmense nie.

„Die kloktoring sonder sy klok is vir my altyd soos ’n vervalde murasie waar vammelewe se mense hulle liefde en leed beleef het. Maar die bouvalle is nog daar en dit is bekend wie hulle bewoon het terwyl meesal niemand meer rekenskap kan gee van wat van die ou klokke geword het nie.”

„Ou Berge se klok bestaan darem nog, en sover ek weet, is dit nog net so heel soos tweehonderd jaar gelede.”

„Dit is seker in een of ander museum . . .”

„Nee, dis nog hier op Ou Berge . . . om die waarheid te sê dis in ou Leendert se kamer.”

„Maar hoekom het een van jou voorvaders dan dit afgehaal?”

„O, die klok makeer seker niks, maar die ysterinvatting waaraan dit gehang het, het 'n lelike bars, sodat dit blykbaar raadsaam was om die klok te verwyder.”

„Is dit met die jare al erg verroes?”

„Ek weet nie. My oorgrootjie was die laaste een in die familie wat dit gesien het.”

„Maar jy sê dan dat dit daar in die kamer is!”

„Dit is, ja, maar dit is in 'n stuk seil toegedraai en togenaai.”

Flip kry meteens 'n ingewing en vra sy vrou om 'n ou kombes op die vloer uit te spreid. Hy roep sy seun, die twee gaan by die ewig oopstaande kamerdeur in en kom terug met die eeue-ou klok. Ek is die enigste man wat 'n sakmes dra, en Flip kan daarmee die rieme lossny. Die klok is nog nie sigbaar nie want dit is styf toegepak met 'n omhulsel van strooi en kaf. Eindelik kom Ou Berge se slaweklok uit sy tronk, ongedeerd en onverweerd, sodat sy ou Franse skrif uit die jaar 1715 nog daarop te lese is. Die klepel is ook stewig omhul met verblykte strooi, en toe dié ook verwyder is, lê die klok daar op die vloer. Hy lyk nie soos 'n stuk brons van tweehonderd-en-vyftig jaar nie, hy lyk soos iets lewends vir huidige en komende rolle.

Flip sê: „Lyk dit nie ook vir julle asof hy net wil praat nie?”

Ons sit spraakloos daar, sterk onder die indruk van die plegtigheid van die oomblik.

Flip en sy seun kniel langs die klok, lig hom op, en die klepel swaai teen die bronsgewelf.

DONG!! klink die bas van sy roepstem: so luid dat ons almal so wip van ons stoele. Niemand sê 'n woord nie, die stilte word beklemmend, die klank weergalm in die ou voorhuis met sy geelhoutsolder en sy rooibruin Bosmanteëls. Die klank weergalm te lank, dit wek stille verbasing, dit word lastig, dit word amper angswekkend. In die eetkamer hoor 'n mens hoe die groot eettafel gedek word, in die kombuis is daar die kom en gaan van mense, die voordeur gaan sonder knarsing oop, in die eetkamer tik duidelik 'n grootvadersklok wat die huis nie meer besit nie. Op die werf hoor jy die gekekkel van hoenders, die gekwaak van eende, die swaai van 'n sloop, die geblaf van honde en die rustige gestap van die span osse. Die name Veldman! Driesland! word geskree, die wawiele verbrysel die gruis en droë akkers. „Brakland! nee allakragtig, jy steek al weer jou lyf weg!”



In die kombuis gaan die alledaagse doenigheid sy gang. „Spasie! gôï 'n takkie anosterbossie in die oond, kyk of dit aan die brand slaan, die brood is reg. Dôlie, jy het nooit die blou kom met seep gewas nie, hoekom sit die botter dan daaraan vas? Kleinjong, loop roep vir Ou-Seur in die smidswinkel, sê ons gaan nou-nou opskep. Dorie, waar is jou waaitak? As dit so bedompig is, is die vlieë eens te lastig. So ja, Adoons, nou kan jy maar die klok gaan lui!”

Flip en sy seun lig die klok versigtig, versigtig op, maar die bevryde klepel hang los, swaai teen die klok en DONG!! klink dit weer deur die huis. En meteens is dit stil, doodstil. Deur die voordeur sien 'n mens die twee afgeleefde akkerbome voor die huis en die groot reuse-bloekomstomp wat in Flip se kinderjare al 'n ou stomp was. Helder maanbestraal Ou Berge se werf, agter die populierbos gaan die nimmerrustende motorverkeer op die grootpad na die noorde verby, 'n ongeduldige motorbestuurder blaas vererg sy beul, woerts, woerts, woerts gly die perdlose ysterwaens op die pad na die noorde toe verby.

In die een akkerboom koer-koer 'n verliefde duifmannetjie ontydig sy lied in die maanskynngag.

Flip en sy seun draai die klok in sy eeue-oue omhulsel, draai nog veiligheidshalwe die ou kombes rondom alles en dra dit linkerkamer toe. Voor hulle verdwyn die stert van die geel kolliehond in sy oubaas se kamer.

Met ons volgende besoek aan Ou Berge het die werf 'n gedaantewisseling ondergaan, die digte „alwie”-boskasje is uitgekap, die kloktoring staan nou effens verlate op die vergrote grasperk, en bo onder sy gewelf hang DIE KLOK. Flip verduidelik.

„Daardie nuwe Italiaanse firma in die Paarl het die barsplek stewig en netjies herstel, en die klok het nou sy tweede wind gekry.”

„Het hy al weer gelui?”

„Ja, die kwaai se doos laat hom soms van self lui, maar hy kan nie gelui word nie, daar hang mos nie 'n tou aan die toring nie.”

„Sal ons hom nie gou met 'n stok aan die lui kan kry nie?”

„Ek glo nie dat die stemming die regte sal wees nie.”

„Stemming? Stemming?”

„Kyk, daardie aand was ons — hoe sal ek sê? — ontvanklik vir die — vir die — ”

„Vir die boodskap van die boodskapper uit vammelewe se dae.”

„En die roepende het nie alleen die lewendes van twee eeue gelede geroep nie . . . ”

„Nee, kyk, nou waag ons ons op die gebied van die parapsigologie, en ek speel nie saam nie! Dit ontbreek my seker aan die nodige aanvoeling of — inskakeling of . . . ”

„Of geloof. Wat sê Goethe tog: Die boodskap hoor ek wel, al wat my ontbreek, is die geloof.”

## DIE TWEE TOSCA'S

Ja, hier op die kaart is die plaaswinkel en daar is die sementblad deur die blou palmietvlei, dan die „predikant” se regterarm met die opskrif **Goolbergpas ses myl**. Die pas gaan eers oor Reuensrante met klaaslou en biesierooi begroei, en dan begin die motor kug wanneer hy die voet-heuwels van die Goolberg klim. Die berg is omhul met vaalpers mis wat reeds in motreën oorgaan.

Japie hou stil by 'n jong met 'n streepsak oor sy kop en bolyf.

„Naand Outa. Is ek op die regte pad na Protem?”

„Ja Baas, maar Baas moet eers die berg oor, en dan lê Protem nog ver in die Reuens.”

„Ek kan nie dalk verdwaal nie? Daar is goed 'n halfuur son maar die mis is reeds so dik soos 'n kombers.”

„Nee Baas, daar is net een uitdraaipad en dié is al jarelank ver-spoel. Baas ry by 'n groot plaas verby, maar daar is net 'n bouval en daar woon niemand nie.”

Die reën kom al hoe sterker neer, die afveërs kan nie meer voorbly nie, die pad is al 'n ware rivier, daar is geen kans vir uitdraai nie, die rande van die pad is met hoë suikerkanbosse, knoppieshout en bels begroei. Moedig spartel die motor die berg op. As die lig tog maar net nie uitgaan nie. En hier is reeds die verlate plaas. Garingbome steek hulle stamme met blomtrosse omhoog, akkerbome se takke is verstrengel in 'n digte boskasie. Daar is geen werf meer nie, maar Japie stuur netjies die motor uit die pad en voel vaste grond onder die wiele. Ook net betyds want meteens is die ligte van die motor dood, en die voertuig staan verlate op die uitgestorwe plaas. Hoewel die reën eensklaps opgehou het, hang die wolke laag oor die bos so dat die toppe van die oerou bloekombome nie sigbaar is nie.

Verbeel Japie hom dit of skyn daar in die verte tussen die boomstamme tog 'n lig? Hy haal sy flits uit, sluit die kar en gaan die wêreld visenteer. Ja werklik, die plaas is nie volkome uitgestorf nie want heeltemal onsigbaar van die pad af lê daar 'n huis met verligte vensters. Voor een daarvan staan daar 'n vrou — nee geen vrou nie, 'n visioen in 'n weelderige satynrok met 'n lang sleep wat agter haar aangly en wat sy soms behendig en sierlik met haar voet uit die pad sleep. Op haar kop het sy 'n soort van siermus met edelstene en swaaiende volstruisvere getooi. Vonkelende juwele skitter aan haar hande wat sy dramaties omhoog strek en dan weer hartstogtelik wring. Die grys hare hang in vodde en krulle onder die tiara uit, en trane loop sulke strale langs die geplooië oumensgesig af.

Dit is blykbaar die end van die bedryf, die primadonna knik vorentoe, links en regs en met 'n kneukelige gryshaardshande waai sy soentjies na die denkbeeldige feespubliek op die sopnat werf wat die wêreldberoemde

Romeinse **cantatrice**, die veelbeproeftde Tosca apploudiseer. **La gioca è finita**, die spel is uit, die ligte in die Romeinse opera word gedoof.

Japie wag nog 'n rukkie, as't ware welvoeglikheidshalwe, klop dan huiwerend aan die deur wat oopgemaak word deur 'n aanvallige vrou van sowat dertig jaar. Japie stel hom voor, die vrou nooi hom binne en deel hom mee dat sy juffrou Du Plessis is. Japie verduidelik die penarie waarin hy hom bevind en die vrou bied aan om mnr. Fourie te gaan roep wat haar motor bestuur. Mnr. Fourie neem die bos sleutels en die flits en stap pad toe, die gasvrou nooi Japie in die sitkamer in waarin daar 'n groot Oostenrykse vleuel staan. 'n Deur word oopgedraai en Tosca stap die sitkamer in. Mej. Du Plessis stel voor: „My moeder,” haak by die vrou in en vra haar gas om haar 'n oomblik te verskoon.

Japie sit en dink en dink en laat sy gedagte gaan. Susanne du Plessis, **prima donna assoluta** van die Milaanse Skala, die beroemdste Turandot, Kundry en Iphigénie van 'n vyf, ses jaar gelede, dan haar skielike verdwyning van die internasionale toneel. Maar daardie Tosca kan mos nie reeds 'n grysard wees nie. Mej. Du Plessis kom terug en sê:

„So ja, nou het ek my moeder my Turandot-kostuum gegee om aan te trek en sy sal dood gelukkig wees totdat mnr. Fourie terugkom. Hy weet presies wat om te doen om haar tot bedaring te kry.”

Japie sit spraakloos maar waag 'n paar woorde:

„Dit spyt my dat ek u kom steur het. U moeder was dus die beroemde primadonna wat ek as die **Marshallin** in die **Rosenkavalier** gehoor het?”

„Nee meneer, dit was ek.”

„U was dus die beroemde Frans-Switserse sangeres, Susanne du Plessis?”

„Ek was en is. Maar ek is 'n Paarliet. Net een letter is in my voor-naam, Susanna, verander.”

„En nou leef u hier teruggetrokke op 'n uitgestorwe plaas?”

„U het mos self gesien dat my moeder in die waan verkeer dat sy 'n beroemde primadonna is. Indien dié waan vir haar 'n mate van geluk beteken . . .”

„En u kuns? . . . u groot internasionale publiek? U eie geluk?”

„Ag, meneer, is die geluk nie ook maar iets relatiefs nie? Miskien moet geluk ook teleurstelling en opoffering insluit. Ek kan dit bekostig om my moeder in 'n goeie gestig te laat verpleeg, maar hulle sal dit nie toelaat dat sy die twintigtal operakostuums wat vir haar fantasiewêreld nodig is, sal saamneem nie. O, hier is mnr. Fourie! Die reën het volkome opgehou.”

Mnr. Fourie berig dat die motor se ligte weer brand en dat die pad heeltemal begaanbaar is. Op 'n wenk van die huisvrou verdwyn hy deur een van die binnedeure.

Japie soek na woorde. Eindelik sê hy:

„Juffrou, u is nie alleen ’n primadonna nie, u is ’n edele mens, ’n . . .”

„Neewat, meneer, ek doen alles uit liefde vir my moeder. In haar helder oomblikke is sy nog steeds die sorgsame moeder wat deur offering my kort kunstenaarsloopbaan moontlik gemaak het. Ry versigtig, u is amper bo op die skeiding, en agter die berg het dit miskien nie eens gereën nie.”

„Dag, juffrou, en dankie vir alles.”

Twee jaar ná die ontmoeting met die twee Tosca’s sit Japie in ’n opvoering van **Iphigénie** en **Aulide** in die Opéra de la Monnaie in Brussel, die hoofrol word vertolk deur die Suid-Afrikaanse sopraan Susanna du Plessis. Soos ’n warme gloed klink die edele stem in die gebed aan Diana: **O toi qui prolongeas mes jours**. Japie gaan sy landgenoot in haar kleedkamer groet en die Afrikaanse tonge babbel vrolik.

„Welkom terug mlle Du Plessis in die kunswêreld waar u tuishoort!”

„My moeder is kort na u besoek oorlede. Sy was nog gekleed in die nonnegewaad van **Suor Angelica**.”

„My innige simpatie.”

„Dankie. Dit het my nie moeilik geval om weer aansluiting aan die operawêreld te vind nie. Prof. Fiorentini vind dat my stem frisser en ryker geword het. Ek is nou twee-en-dertig jaar. Tot siens, en baie dankie dat u darem die tante kom groet het.”



PERS OLIFANT

Nes die laaste lig wegsyfer uit die dag: nes die eerste diep skemer kom.

Dán sien die kind die pers olifant.

Hulle weet nie presies waar dit begin het nie. Per slot van rekening het hulle albei soveel meer te doen as om na die kind op te let: hý met sy sakeondernemings wat dikwels etes en reise meebring, sý met haar skemerkelkies en musiekkonserte. En sy sekretaresse — net soms, baie diskreet. En haar bokhaaruitstallings — dikwels, om iets nuuts te kan aanskaf wat almal kan bewonder.

„Hoe absoluut verspot,” sê hy toe hy op ’n aand tuis is en die ou vrou wat na die kind omsien hom daarvan vertel.

„Werklik absurd,” sê sy, en sien hoe die lamplig in haar wynglasie flikker.

Hulle laat die kind roep. Hy kom met die breë, blink trap na onder, loop oor die Persiese mat en staan meteens tussen hulle. Albei vind dit vaagweg onthutsend: hy is nooit saans hier onder nie. En is hy dan al só groot? Die ou vrou koop sy klere en kyk dat hy sy huiswerk doen, miskien het sý dit beter agtergekom dat hy grootword. „Hoe groot?” vra sy, en die kind kyk haar strak aan, met versluiserde oë. „Hoe oud is jy?” herhaal sy ongeduldig, vernederd omdat sy nie so dadelik weet nie.

„Twaalf,” sê die kind.

„En jý sien pers olifante?” vra hy minagtend.

„Net een,” sê die kind bot. „As die son onder is, kom hy. Pers.”

„Hoe pers?” vra sy verveeld. „Soos die dahlias in die tuin omtrent?”

Hy swyg. Sy pa vra: „En hoe groot is hy?” Die kind swyg. „Luister —” sê hulle albei, skielik kwaad en dringend. Maar die kind draai om en loop geluidloos met die trappe na bo, tree vir tree, totdat hy in die gang verdwyn. Hulle hoor sy deur toegaan.

Sy drink nog wyn. Met haar voorvinger voel sy liggies teen die amber vloestof, sien dit opstoot teen haar nael. Buite in die donker roer bome en struike. Teenoor haar sit haar man. Met sekretaresse en al is hy vir haar bekend soos die wyn en die bome. Soos bokhaar. Maar ’n pers olifant —

Sy gaan bed toe en droom onrustig: viooltjies en vilette, 'n blits deur donkerpers wolke, poeierpers pruike wat in konsertsale dobber. Sy droom: *Haai, wat makeer jou knie? Hoekom is dit so pers? Ek het geval, onnosel, en toe sit my ma djensjhun waailit op. Weet jy nie eers nie? Pers kolle op seer knieë maak die seer gesond, onnosel!*

Later gaan hy ook bed toe. Hy droom: die sirkusolifant wat pateties om die ring dans met 'n strik op sy kop. 'n Oerwoud buite die grense van sy geordende lewe waardeur 'n olifant bars sodat die kreupelhout kraak. *Wat lees jy tog, kind? Sommer van 'n bos, Pa. Bosse, bosse! G'n bos sal jou deur die eksamen help nie en in plaas van 'n olifant sal ek vir jou 'n goedafgerigte perd kry om naweke op te ry.*

In die nanag gaan hy na haar bed en hulle lê bymekaar, maar sonder woorde. Hy raak haar nie aan nie. Saam wag hulle dat die skemer moet kom, die nuwe soet lig. Toe sug sy: „Dis net in die aand dat hy hom sien.” Hy sê: „Ek vertrek op 'n kort sakereis Kaap toe. Kom saam.”

„En die kind?” verneem sy traag, toe die son opkom en die bediende koffie met room bring.

„Hy gaan óók saam.”

Verwonderd pak sy dus in, en al is dit nie vakansie nie gaan die kind saam. Hulle kry 'n suite in 'n duur hotel. Dieselfde aand woon albei 'n dinee by terwyl 'n jong vrou, 'n sakekennis se dogter, by die kind bly. Toe hulle laat terugkom, neem hy die jong vrou huis toe en voel, terwyl hulle ry, oor haar borste en dye. Sy sê: „Net toe dit skemer word, het die kind op die balkon uitgehardloop en gegil. Hy sê daar was 'n pers olifant.” Oorwonne laat hy haar liggaam vaar en laai haar tuis af sonder om enige voorstel te maak of 'n herontmoeting te reël. Hy vloek net en ry terug.

Elke aand as die eerste diep skemer kom, sien die kind die pers olifant.

„Miskien is dit die balkon,” sê hy en huur 'n suite in 'n ander hotel. Hier is net groot vensters na buite, geen balkon nie. Die see is sigbaar deur die glas, dit dra onrustige pers tinte as die son daarvoor aai. Hulle gaan nie uit toe dit aand word nie, sit net en kyk na die see. Dit word skemer.

Die kind hardloop meteens by die deur uit, kom weer terug en leun ver by die groot venster uit terwyl hy gil en met histerie en verrukking sy arms swaai. „Die olifant! Die pers olifant!”

„Waar?” vra sy en tuur verby al die geboue. Kom hy deur die lug?

Loop hy in die straat? „Hoe gróót is hy?” wil die man weet, met skerp woede en 'n sensuele tinteling in sy hande.

Maar die kind trek sy kop terug en kyk van die een na die ander asof hy wonder wie hulle is. Hulle kyk terug — van ver. Hulle maak geen gebaar na die kind se kant nie. Êrens agter die glas loop en loop die olifant.

Hulle gaan terug huis toe. Nooit kan hulle meer saans uitgaan nie — nie voor later, wanneer die skemer verdonker het tot nag en sterre nie. As die laaste lig wegsyfer, sit hulle en luister hoe die kind na sy balkon hardloop en gil, en hulle sorg dat al die deure toe is. Hy kom nooit na hulle toe nie, tensy hulle hom laat roep. Hy praat nooit oor die pers olifant nie, behalwe om te sê dat hy gekom het.

Een aand sluit sy die balkondeur en lei die kind met die trappe na onder. „Ons eet vroeg vanaand,” sê sy en lui dadelik die klokke sodat die bediende die kos kan bring. Sy wou 'n geliefkoosde gereg vir die kind maak, maar sy het nie geweet waarvan hy hou nie en op iets heel banaals besluit: spaghetti met bloedrooi Italiaanse sous daaroor. Hulle eet sonder praat. Die lig raak weg uit die dag. Die kind spring op en hardloop met die trappe boontoe. Hy gil en skreeu; toe hoor hulle glas rinkel soos hy deur een van die vensters buitentoe beur. „Die olifant! Die pers olifant!”

Onder hulle blik word die Italiaanse sous dik en pers.

Sy maak 'n afspraak met 'n psigiater. Weke gaan die kind gereeld na die man met sy blink kop en oë verskuil agter 'n donkerbril. „Wat doen julle?” vra sy vir die kind. „Doen?” vra die kind vir haar. Dus gaan sy een middag weer saam, en vra vir die psigiater watter vordering daar is. „Dit kan nog jare duur,” sê die blinkkopman. „Alles moet uit sy verlede gerekonstrueer word.” „Maar die olifant!” Die man knik geduldig. „Mettertyd sal ons by die olifant kom. Mettertyd.”

Toe haal hy sy bril af en kyk met weemoedige pers oë na haar.

Sy neem die kind na 'n ander sielkundige. „In hierdie kliniek hang ons die moderne psigoterapeutiese metodes aan,” sê die vriendelike jong man. Hy het bruin oë. „Ons probeer nie in die verlede delf nie; ons rig die pasiënt positief ten opsigte van sy toekoms.” „Maar die olifant?” Die man knik geduldig. „Dis nie die olifant wat saak maak nie, dis die toekoms. Mettertyd vergeet hy vanself alles van die olifant.”

Na 'n ruk gaan verneem sy of daar vordering is. Die kind wag in die klein voorportaal; sy sien sy verwronge silhoeët deur die glas. „Daar skort niks groots nie,” sê die man. „Ek oriënteer hom —” Hy beduie: daar loop dik pers are oor sy arms.

Hy gaan vir 'n naweek saam met sy sekretaresse weg. Sy is jonk en begeerlik en hulle slaap intensief saam. Hy raak ten slotte verstrik in die kreupelhout van haar hare, beur weg van haar gladde jong liggaam wat verlang om opgeslurp te word. Die nagwind waai deur hulle bos met die gesketter van 'n olifanttrop. Reeds die volgende dag gaan hy terug huis toe.

Sy woon 'n bokhaaruitstalling by en koop 'n mat en 'n stola. Die kooproes word oor haar vaardig: sy voeg 'n muurbehangsel by. Toe gaan help sy tee skink, lag en gesels geanimeerd en sien hoe pers die melk is wat sy by die donker vog gooi.

Hy eet saam met sy sakevriende en sien die olifant in sy porsie vleis.

Sy smeer pers maskara aan haar oë en sit verskrik na die glas van die spieël en staar. Toe sy dit wil afvee, is haar hande ook pers.

Hulle gaan oorsee — al drie. Dis 'n wilde jaagtog van Londen na Madrid na Wenen en Venesië. Geen ledige oomblik nie. Beelde en kastele en boë en glas. Rookswart krale uit Pompeï se lawa, en tulpe in Holland en kantwerk op die warm bruin eilande. Elk doen sy inkopies, en soms lag hulle, en hulle gesels ook wel af en toe soos dit reisgenote betaam. Daar is geen pers olifante nie.

Hulle vlieg terug huis toe en is bly om die bome en struike in die tuin terug te vind, en die ou vrou binne. „Iets te drinke,” sê hy. „Netnou gaan ek bad,” sê sy.

Die kind sê niks. Hy staan met sy oë na hulle en kyk totdat die laaste lig uit die dag wegsyfer. Toe hardloop hy met die trappe boontoe. Die skemer kom dik en diep. „Die olifant!” hoor hulle die kind gil, met ekstase en vrees. Die balkondeur raas oop. Toe is dit stil.

Eers drink hy klaar. Eers gaan sy bad. Toe gaan hulle na die balkon. Die skemer lê groot oor alles: binnekort sal dit nag wees. „Hy moet hier wees,” sê sy. „Hy het nie weer ingekom van die balkon af nie,” sê hy.

Maar die kind is nêrens op die balkon nie. Net die skemer lê opgedam op die balkon, en oral is die pers geur van die Olifant.





MET RAYMOND BRULEZ OP HET SPOOR VAN DE MUZE

**Hij gelooft niet** in geëngageerde literatuur. Maar hij koos het Nederlandse idioom om zijn inspiratie neer te schrijven uit politieke overtuiging.

**Hij gelooft ook niet** in beroepsschrijvers, vooral omdat een schrijver in het Vlaamse land toch niet van zijn pen leven kan, en ook omdat hij gelooft dat men uit de inspiratie enkel en alleen aan de boeiende onderwerpen een kans moet geven.

**Hij gelooft ook niet** dat het hart uit de mode is geraakt zoals hij ook niet geloof in platte grofheden die wel hier en daar opsteken in de moderne literatuur.

**Hij gelooft niet** in zinledige disputen over de zinledigheid van het bestaan die gewoonlijk ontspringen aan kunstmatig-verwekte toestanden die de inspiratie zogenaamd productief maken.

Toch is geloof of ongeloof voor Raymond Brulez geen probleem: „Iedereen volgt zijn eigen weg en behoeft zich voor vergissingen.”

Voor de jonge schrijvers heeft hij maar één raad: „Heb geduld”. Hij zelf schreef zijn eerste roman toen hij twintig jaar oud was en tien jaar later werd het werk gepubliceerd.

Aanvankelijk was hij ook geen profet in eigen land: Nederland ontdekte hem (zoals ook met Hugo Claus gebeurde).

Brulez acht zich nauw verbonden met het geslacht van van Looy, van Schendel en Gorter. Hij genoot een Franse opvoeding en koos later het Nederlands als het idioom waarin hij zijn schrijfkunst zou beoefenen. Het was een kwestie van politieke overtuiging zegt hij.

Zijn eerste roman „André Terval” werd door velen als een autobiografie aangezien. De critici vielen de individualist die er in beschreven werd aan. Brulez kwam weldra met nog andere werken op de markt en verwierf naam, bekendheid, genoot gezag. „Mijn Woningen” is een vierdelige autobiografie waarin kennissen en vrienden een rol spelen en waarin de fictie ook een plaats bekleedt. Verder zijn zijn verhalen filosofisch van aard. Eén gedicht stuurde hij aan Kloos om het te laten verschijnen in het tijdschrift van die Nieuwe Gids, maar Kloos stuurde het terug. Ongepubliceerd.

Eigenlijk is Brulez een man die gemakkelijk praat en heel veel te zeggen heeft. Ongelukkig was de tijd beperkt en was ik maar twee uur bij hem, maar in de schets die hij trok van de hedendaagse literatuur komt ook zijn beeld naar voor. Hij is een filosofische woordkunstenaar die zowel de oudere als de nieuwe generatie kan boeien. Een beroemde schrijver die de kunst van de eenvoud in zijn leven gehouden heeft en iemand die ons nog het een en ander te vertellen heeft over een tijd die voorgoed voorbij is met mensen dien toen waren zoals wij nu zijn.

RYDA R. SCHULZE

DIVINA COMEDIA

(hommage a Rante)

1

jou oë brand vuurhoutjies ligte stukkend  
jou lag is versplinterde landkaarte fjords  
saamkolkend tot middelpunte en uitdy oor  
oewers van oë vol damme en mere stoot en  
half snaaks my ore byt tot die ruwe bloed  
opspring en germaanse vikingsgode trots  
die siegfried uitdaag skerm en liefhê  
al is hakskene nog oop horings gekloof  
tot alle vuurhoutjies kersfeeste ontbrand

2

dae lank het ek jou dopgehou bly kyk  
sonder om jou te sien want soekend  
voor my oë was dit bruin en aards  
soos ek my pupille opgevryf het om  
beter te kon sien om jou te spieël  
in my blinkende oogappels — die eie  
hemel van reënboogkleure met die dun  
skynvlies wat net gebreek moes word  
om jou nie gekleur te sien maar wit  
jy 't reeds ontkleur onuitgelewer aan  
hierdie kleurwiel jou eie was jou eie  
ek moes nog blind in die wit kon word

## 3

sommige later nagte het ek desperaat  
 jou uit kon boender uit my wese en  
 gaan soek na soet planne fantasieë  
 goddeloos en onverskillig opgeskryf  
 in boeke van die lewe vroeër reeds  
 nou moes ek uitkrap uitvee inkleur  
 grammatikaal korrigeer proeflees  
 redaksionele vertalings doen want  
 fases oopgelaat opgemors vals met  
 uiteindelige sin verlore en sonder  
 ego die pelgrimstog moes vat en  
 afdaal ter helle en opvaar na die  
 hemel van my onderbewuste om te dink  
 te kyk te sien stuk-stuk-verwerk  
 terwyl ek word self opstaan en gaan  
 sit aan die regterhand van die lewe  
 in motiewe saam ons fugas speel

## 4

jy het my lyf kon vang ontvang  
 teen die kruising van jou arms  
 en voete en ek't my laaste  
 dronkword voleindig voor die  
 voorhangsel kon skeur die aarde  
 duisternis kon word die dood  
 die opstanding water wyn waar  
 dit uit my sy gevloei het met  
 jou vasgenael teen my donker  
 kruising jou arms die hout wat  
 my spykers inhou vashou styfhou

## 5

jy sou in die graf kon kom en  
 jou lyf teen die gebalsemde ek  
 kon druk en warm slaap teen die  
 gekruisigde aan en drie dae  
 die tempel afgebreek opgebou  
 die afdaal ter helle volwaardig  
 tot die bewussyn terugkeer die  
 jairus-dogtertjie wakker in jou  
 arms word want ek't net geslaap  
 laat my klee met die wapengordel  
 van die lig vandag en gaan met  
 jou want ons is Een van die begin

## 6

die volheid kon ek uit die pyn skep  
 en kruike water my skouers vol dra  
 die kraaie het uit my ore gevlieg  
 duislingwekkend silwerkoorde gedraai  
 tot kastele begin sing het die pyn  
 sy eie lofliedere ter ere kon vlieg

## 7

jou oë is kerkaltare jou hande vlamme  
 die buiging van jou voet my buiging  
 voor die trone van lag die vingers  
 van jou senupunte die uitloopsels van  
 my tong getuig heilige woorde stom  
 voor die kleurwiel in jou stem die  
 nuanses van jou lendene omgord die  
 lig uit jou mond drup heuning neute  
 op die klankorgane van my netvlies  
 waar chakras sing oë grootoog kleure  
 spin in kroonblare van 'n blom wat uit  
 my skedel groei deur my wynhande sing

C. F. RUDOLPH

BRUTUS, MY BRUTUS

*In memoriam*

Agt man te voet, werkers  
in blou oorpakke, gooi duim:  
dan reis ons fataal  
tot waar die bloed en vet  
aan blink ou maskers stink.  
Ons, ek en bonkige Brutus  
— die kort een met die wrede bek  
en hande van tambotieknoets —  
staan eindelik man teen man  
lang teue bier en drink,  
en oor gekweel van soet musiek  
en die geroep van 'n dodevoël  
meet ons mekaar se wil.

Teen middernag as die vure smeul  
krap sy, die somber lam, kaal hand  
die warm as en kole weg,  
en uit die holte onder 'n deksel klei  
haal sy die brousel malmaakgoed  
vir Brutus om omhoog te hou:

uit bosse en donkertes ágter vure  
kom sweet hul nou die brousel uit  
met kreun en kreet en siddering soet;  
en teen die paal  
met rooi en groen grimasse van 'n god  
gryp een die tuitbors-maagd  
en skeur haar dat sy snik;  
ook Brutus gryp! en skuim  
sy oerbloed op die slagplek oor  
en brul van rou geweld  
as wat hy roof  
hom self van binne skeur.

Nou word my wil 'n speelding  
— wit fluit van skenkelbeen geslyp  
of keeltjie van 'n klein, klein voël  
wat saans uit skemertes jou roep  
en ster na ster fluit-fluit laat brand:

Ek fluit 'n land vol sonneblom:  
maar Brutus vries dit swart, steriel;  
ek fluit 'n handvol bye los:  
'n vlermuis, vliesig-dun en nat,  
vou elke vuur in smoorgoed toe;  
ek fluit 'n swerm uit die bos:  
'n voël kom in die godbek broei  
tot die rooitong-god begin te piep!

Ek fluit 'n koel klein klinker los:  
gepuur tot wit oor elke vuur  
lê dun skelette vlermuis dood;  
die klinker roep 'n dansmaat uit:  
die totempaal dra bloeisels wit;  
ek voer my voëltjies krummels lied  
tot elke skedel op die ashoop sing!  
En Brutus slaap — 'n klein demoon  
oor wie mens winters stories dig.

MOTORCROSS

op deze hoogdag in botten en blue-jeans  
rijden we naar de internationale motorcross  
in het Vlaamse dorp Gemakkelijk-Te-Vinden  
parkeren op twintig minuten van de omloop  
stellen ons uitgelaten op een rij te piesen  
en lopen dartel door de zondagstraat  
de autodreef een weide dwars een slootje over  
reikhalzen over de omheining rond de ingang  
naar een glimp van een valhelm of truitje  
beluisteren uitgetogen de hemelse motoren

de zonnige omloop ziet bont van het volk  
tot in de bomen en op het dak van de radiowagen  
de vlaggen wapperen internationaal  
en over vijf rijen voorovergebogen ruggen  
volgen we vrolijk de eerste piloten  
ploeterplassen door de moeizame modderbocht  
snuiven de stemming van verbrande gassen op  
wijzen elkaar beslijkte machines en gezichten aan  
en horen de overwinnaar der juniors 250 cc  
doorheen de luidsprekers over de aankomst rijden

de rangschikking en reclames galmen over de hoofden  
we schuiven met de menigte mee  
naar een betere uitkijk op het middenplein  
drummen verrast en vol bewondering opzij  
voor de coureurs die roekeloos brutaal  
en spetterzwart zich vloekend door de massa wringen  
klauteren over stroblokken en een afsluiting  
kijken aandachtig rond en stellen beste plaatsen voor  
hier neen daar neen ginder bij de beek  
er zijn nog onbezette plaatsen op het gras

tot aan de meet motoren weer op volle toeren draaien  
en de luidspreker schreeuwt de baan vrijhouden a.u.b.  
zo dadelijk start van de internationalen 500 cc  
iedereen drumt voorover tegen de afsluiting  
gaat op het stro de paaltjes of de tenen staan  
daar zijn ze daar zijn ze 14 aan de leiding  
en rakelings razen de renners voorbij  
ronken in geur en kleur dwars door ons lijf  
en links springt geel reeds op de heuveltop  
rechts rammelt de laatste nog over het bruggetje

we hollen allen naar een andere afsluiting  
want daar draait geel alweer in onze richting  
rijdt reeds drie lengten voor de anderen uit  
en komt met volle snelheid op ons af gerend  
door zijn supportersarmen opgezweept  
neemt hij stuurvast precies en snel de buitenbocht  
wijl de bespat-verbeten achtervolgersgroep  
met twee met drie soms naast elkaar  
de modderklodders uit de voren rossen  
en ons doen sidderen van genot en opwinding

ronde na ronde duurt de ronkende achtervolging  
tussen 14 en 6 en 12 en wie is 56 weer  
geen mens of kenner kan het zeggen  
het nummer staat niet in het officieel programma  
tot 6 plots slipt en steil vooroverslaat  
en tiert en stampt terwijl het volk komt aangelopen  
en ginds ook toeloop glunderend medelijden  
het nummer 30 heeft zijn been gebroken  
nu kan 14 nog moeilijk meer verliezen  
de sukkels 11 en 20 worden weer gedubbeld

nog vóór de laatste ronde is afgelopen  
zwermen we smeksmakgulzig op de omloop  
naar frietkramen biertenten hot-dogstanden  
kopen ook witvis om de laffe smaak  
van het lauwe bier mee door te slikken  
kijken naar brancardiërs en trosjes mensen  
rond renner 30 met gebroken been  
sporen de vent aan die een puit probeert te vangen  
en merken al de vrouwen op met opgetrokken knieën  
als zoveel paardebloemen in de platgetrapte weide



TOTIUS, MULTATULI IN TWEE VOLKSLIEDJIES

Dit lê al weer ver agter ons die jare wat Afrikaans as eksamenvak nog nie geken het nie, toe aan ons universiteite die studie van Nederlands nog in volle swang was en Hollands as studievak en voertaal gegeld het as „moedertaal” van die Afrikaners. In dié tyd miskien was dit dat die gediggie van Hoffmann von Fallersleben, **en ic moet altoos bliven out**, ook onder die aandag van Totius gekom het. Die bloemlesing van M. en L. Leopold, EEN SLEUTEL II, waarin die gedig voorkom, was toe 'n keer voorgeskryf vir die Intermediëre Eksamen (Intermediër B.A.) en vir ons studente was hierdie gedig en Multatuli se „Ik weet niet waar ik sterven zal” twee van die aantreklikste gedigte in die boek.

'n Volksliedjie in die ware sin van die woord is die gediggie van Hoffmann natuurlik nie — geen volksmens het hom ooit nog gesing nie — maar dit bly tog een van dié allerverdienstelike navolginge van die Middelnederlandse lied<sup>(1)</sup>. Hoffmann tog was 'n onvermoeide versamelaar van hierdie soort poësie. En wie het ooit dieper deurgedring in die gees daarvan as juis hy?

Laat die leser maar vir homself oordeel:

**En ic moet altoos bliven out**

Hoe stont het wide wilde wout  
in loverkens so groen en stout!  
Hoe loeghen al die bloemekijn  
so minlik bi het sonneschijn!  
en ene nacht, het is gedaen  
een rijm, en alles is vergaen.

Toch comt het lieve meientijt,  
die alles wederom verblijt.  
De voghelkens met soet geschal,  
die singhen over berch en dal,  
en al de bloemkens waken op  
en strecken uit haer arm en cop.

Ic was so jonc een bloejent rijs  
nu ben ic out, mijn hoeft is grijs,  
geen lentelust int herte mijn  
Voor mi salt altoos winter sijn  
den mei maect jonc het velt en wout  
en ic moet altoos bliven out.

Plaas nou hiernaas 'n paar versreëls uit Totius se gedig:

### Die lied van die wilg

Wanneer die liewe lente kom  
met nuutgebore blad en blom;  
wanneer die bome almal staan  
met nuwe klee l'jies aangedaan  
en laggies blink van elke blad  
waarop die sonnestraaltjie vat,  
dan laat ek ook my lintjies swaai  
en vrendlik in die windjie waai. —

Is dit louter inbeelding wat my hier die een lied laat hoor klink deur die ander lied heen? Daar is hier die treffende gelykenis in maat, en by noukeuriger betragting van Totius se gedig nog subtieler punte van ooreenkomstige in bou, woordeskat en gedagtegang tussen sy gedig en dié van Hoffman.

Sekerder as by Totius kan die verband tussen die kunslied in die volkslied by Multatuli aangetoon word, al kan, oppervlakkig beskou, twee gedigte moeilik verder van mekaar af staan as die volksliedjie „**Mooie Meisies mooie blomme**” en „**Ik weet niet waar ek sterven zal**” van Multatuli.

Iste Koeplet:

Mooie meisjes mooie blomme  
Van een mooi meisje ben ik gekomme  
En een mooi meisje is m'n hartedief.

Dis veral die laatste koeplet waar dit hier op aankom:

Als ik dood ben zulle ze mij begrave  
Ze zullen mij naar 't kerrekhof drage.  
Ze zullen schrijven op m'n graf:  
„Hier ligt de jonkman die alle mooie meisjes liefhad!”

Plaas naas hierdie slotvers die gedig van Multatuli, wat in sy tyd van so baie mense die harte week gemaak en die oordeel gevange geneem het! Vir vele was dit 'n kortbegrip van al wat daar tragies en verhewe was in die siel van hierdie lyer en stryder, uitgeween in hierdie „**Lied van Saidjah die Javaan**” in Multatuli se boek MAX HAVELAAR:

Ik weet nie waar ik sterven zal.  
Ik heb de groote zee gezien aan de zuidkust, toen  
ik daar was met mijn vader om zout te maken:  
Als ik sterf op zee, en men werpt mijn lichaam in het diepe water,  
zullen er haaien komen;

Zij zullen rondzemmen om mijn lijk en vragen:  
Wie van ons zal het lichaam verslinden,  
dat daar daalt in het water?"  
Ik zal het niet hooren.

Ik weet niet waar ik sterven zal.  
Ik heb het huis zien branden van Pa-ansoe,  
dat hij zelf had aangestoken  
omdat hij **matah-glap** was;  
Als ik sterf in een brandend huis,  
zullen er gloeiende stukken hout neervallen op mijn lijk;  
En buiten het huis zal een groot geroep zijn van menschen,  
die water werpen om het vuur te dooden, —  
Ik zal het niet hooren.

Ik heb den kleinen Si-oenah zien vallen uit een klappa-boom,  
toen hij een **klappa** plukte voor zijn moeder;  
Als ik val uit een klappaboom,  
zal ik dood neerliggen aan den voet,  
in de struiken, als Si-oenah;  
Dan zal mijn moeder niet schreien,  
want zij is dood maar ander zullen roepen:  
„Zie, daar ligt Saïdjah!"  
met harde stem; —  
Ik zal het niet hooren.

\* \* \*

So volg daar nog verse met soortgelyke inhoud. Die laatste daarvan  
lui as volg:

Ik weet niet waar ik sterven zal.  
Ik heb velen gezien te Badoer, die gestorven waren  
men kleede hen in een wit kleed en begrөөf hen in den grond:  
Als ik sterf te Badoer, en men begrөөft mij buiten de dessah,  
oostwaarts tegen de heuvel waar het gras hoog is,  
Dan zal Adinda daar voorbijgaan, en de rand van haar **Sarong** zal  
Zachtkens voortschuiven lang het gras . . .  
Ik zal het hooren.

Dit vereis nie baie skerpsinnigheid nie om al dadelik te sien dat elke  
vers van Multatuli se gedig niks anders is as 'n uitbreiding of ontplooiing  
van die laaste koeplet van die lied „**Mooie meisies, mooie blomme**” of om  
nog noukeuriger te wees, eintlik maar in kunsvoller bewoording 'n her-

haling met geleentheidshalwe wysiging telkens weer van twee van die laaste versreëltjies:

„Als ik dood ben zullen ze mij begraven.  
Ze zullen mij naar het kerkehof drage.”

Dit bewys die inhoud, maar ook die bou van reëls 3 en 4 in elke koeplet van Multatuli se gedig. Dat in hierdie opsig koeplet 1 die naaste staan aan die oorspronklike spreek ten gunste van die veronderstelling dat die volksliedjie hier uitgangspunt was. Vir wie egter nog twyfel is daar 'n verdere bewysgrond. Die volkslied „**Mooie meisies, mooie blomme**” was aan Multatuli uit sy prilste jeug bekend: baie jare na MAX HAVELAAR siter hy dit nog in IDEËN, tw. in verband met sy pleidooi vir die gewone menslike volkslied teenoor meer gekunstelde dinge. Seer tekenend noem hy hier dié volksliedjie „'n weemoedig verliefde complainte”, 'n benaming wat ook op sy eie gedig toepaslik is. Hy vind verder in „'n straatminnelied” „geen spoor van plagery”, so sê hy. „Zelfs niet van Scherts, al schijnt het anders.”

Dis duidelik dat toe Multatuli hierdie woorde geskrywe het, hy in gedagte moet gehad het sy eie vroeër geskrewe gedig waarvoor hierdie „straatminnelied” as uitgangspunt en model gedien het. Onwillekeurig ver-raai hy homself hier.

„**Mooie Meisies mooie blomme**” het nog 'n ander aanspraak op die belangstelling van Afrikaners, want soos ek indertyd in my dissertasie AFRIKAANSE VOLKSPOËSIE aangetoon het, was dit in die negentiende eeu by ons nog een van die mees gesonge liedjies op bruilofte en by gesellige geleenthede. Saamgesmelt met 'n ander liedjie, „**Treurig hartjies, lig van sinne**”, is die „**Nonnaslied**” soos hy by ons soms geheet het, nog een van die weinige bruiloftsliedere wat uit ons Afrikaanse voortyd vir ons bewaar gebly het.



## BASJAN-HULLE

Toe Doemdoempie en Kiesimane van die Naaldekokertjie af weg-stap, het die kommerkriekie wat in baie Mammass se harte woon ook in Doemdoempie se hartjie begin praat. Hierdie kommerkriekie laat Mammass moeilikhede sien waar daar nie regtig moeilikhede hoef te wees nie. En toe wou Doemdoempie, die hele end pad terug na die vinknessie toe, van Kiesimane weet:

“Kiesimane, . . . as die feetjies nou dalk vir my ’n babamiertjie gee, hoe gaan ons hom by die huis kry? Hoe kom ons weer oor die groot pan water . . . en Kiesimane, wat gaan ons met Basiejan maak . . . hy sal mos nie wil *omdraai* nie? Ons het dan gesê dat ons drie saam die ou Kalaharie verder wil sien as wat ons nog gesien het. Ons het dan besluit om saam rond te loop en met al die ander diertjies te gesels wat ons teekom . . . en met ’n babamiertjie saam met ons, sal ons dit nie meer kan doen nie. Dan sal jy en ek met ons babamiertjie huis toe moet gaan!”

Omdat die man vir die vier soentjies, Kiesimane, al meer as drie jaar Doemdoempie se maatjie was, was daar een ding wat hy BAIE goed geweet het, en dit is: Jy moet ’n vroultjie, ’n Mammattjie, eers haar hart laat uitpraat . . . sy moet alles sê wat sy voel; jy moet haar selfs maar toelaat om te huil ook voordat jy as man probeer om raad te gee. Daarom het Kiesimane die hele end pad terug vinknessie toe, niks gesê nie. Hy het Doemdoempie maar laat praat en praat en huil ook want hy het geweet dat sy nie huil omdat sy hartseer is nie. Sy huil omdat sy baie, baie bly is dat sy saam met die feetjies kan gaan vannag, en sy is ook bly omdat sy ’n babamiertjie vir die feetjies kan vra. Eers toe sy nie meer ’n kommerkriekie is en huil nie, toe sê Kiesimane:

„Vir so ’n mooi skattebol soos jy, Doemdoempie, sal ek en Basiejan alles doen. En as ek sê dat ons ALLES vir jou sal doen, dan bedoel ek *alles*. Ons sal ook ’n skuitjie maak waarmee ons weer oor die waterpan kan seil; ons sal ook ’n klein vinknessie soek waarin ons babamiertjie kan slaap. Maar, Doemdoempie, nou moet jy probeer om te slaap want jy sal dalk die hele nag saam met die feetjie rondloop en dan sal jy baie moeg word. Ek loop nou eers, dan gaan ek onder die boom vir Basiejan wag. En net sodra die son wil-wil ondergaan, sal ons jou kom haal. Jy moenie bekommerd wees dat jy te laat by die feetjie en die reënboogseuntjie sal kom nie. Slaap nou lekker hoor, my Skattebol!”

Al het Doemdoempie geweet dat sy dalk die hele nag by die feetjies sou moes wakker bly, kon sy net nie aan die slaap raak nie. Sy het eers op die een sytjie gelê, toe omgedraai en op haar ander sy gelê, toe het sy op haar magie gelê en probeer slaap, maar nee, slaap kon sy net nie. Haar hartjie het oorgeloopt van die heerlikste wakkerbly-gedagtes. Doemdoempie het gewonder:

„As die feetjies nou vir my sê dat ek ook ’n babamiertjie kan kry en dis dalk ’n seuntjie — wat sal sy naam wees? En wat sal ek haar

noem as dit dalk 'n klein skat-dogtertjie is? Sê nou net die feetjies VRA vir my of ek liever 'n seuntjie- of 'n dogtertjie-miertjie wil hê — wat dan? Ek weet dat Kiesimane baie graag 'n seuntjie wil hê want hy het al baie kere, as ons so oop-oë lê en droom, vir my vertel wat hy en sy seuntjie eendag alles sal doen. Hy het al vir my vertel hoe hy sy seuntjie alles van die veld sal leer as hulle 'n dag weg van die huis af is. Ja, ek weet Kiesimane droom baie oor sy seuntjie. Maar nog nooit het hy vir my gevra of ek liever 'n seuntjie of 'n dogtertjie wil hê nie. Ek wonder of Pappas ooit daaraan dink hoe graag 'n Mamma 'n dogtertjie wil hê — 'n dogtertjie wat weer haar maatjie sal wees en die hele dag by haar sal bly as die Pappa in die veld rondloop. O, ek het ook al baie gedink wat ek haar alles sal wil leer . . .”

En so, met al hierdie mamma-gedagtes . . . gedagtes wat mammas seker maar oor die hele wêreld dink, het die slaap stadig nadergekruipt en Doemdoempie se gedagtes het net oorgegaan na die mooier land van drome — daardie land waar jy SIEN wat jy droom.

Kiesimane het onder die boom vir Basiejan gesit en wag en toe hy met seer voetjies daar aankom, vertel Kiesimane vir hom wat alles met hom en Doemdoempie gebeur het. Toe die son net-net wil begin ondergaan, sê hy eers tot siens aan Basiejan en klim weer terug na die vinknessie toe waar Doemdoempie nog altyd heerlijk lê en slaap.

Toe Kiesimane haar wakker maak, was sy net in haar drome by 'n feetjie wat vir haar 'n mooi blommetjie gegee het. En toe het die feetjie vir haar gesê:

„Doemdoempie, kies nou maar . . . wil jy 'n seuntjie of 'n dogtertjie hê . . . of wil jy altwee hê? As jy altwee wil hê kan jy maar vir jou 'n tweeling ook kies.”

Doemdoempie se ogies was so nat gehuil toe Kiesimane haar eindelijk wakker kry. Met 'n kommerstemmetjie vra hy toe:

„Waarom huil my vroujie dan as sy na die feetjies toe gaan? Is jy nie meer bly nie?”

„Ai, Kiesimane, 'n Mamma huil partykeer sommer net van pure gelukkigwees!” antwoord Doemdoempie.

„Kom, vee jy asseblief my traantjies af, want ek wil tog nie met nat ogies by Naaldekokker, die reënboogseuntjie, aankom nie. En Basiejan moet ook nie sien dat ek gehuil het nie. Maar waar is hy dan?”

„Hy is in 'n ander vinknessie. Hy sê as jy later vannag dalk al met ons babamiertjie terugkom, sal daar nie hier in ons vinknessie plek wees vir ons almal nie. Maar kom my vroujie, dit word laat, kom ons moet loop.”

Nadat Kiesimane toe eers Doemdoempie se traantjies almal afgevee het, het hulle uit die nessie uitgeklim en stadig, vashou-vashou afgeklim tot op die grond. Doemdoempie se hartjie het sommer baie vinnig geklop van opgewondenheid, en sy was ook so 'n klein bietjie bang gewees, en toe hulle op die grond kom, sê sy aan Kiesimane:

„Hou my so 'n bietjie styf vas, asseblief sodat my hartjie kan op-hou om so vinnig te klop.”

Die man van die vier soentjies, Kiesimane, het al ses sy pootjies om sy vroutjie gesit, en haar styf-styf vasgehou.

„So-ja, dankie Kiesimane, daar het krag van jou in my gegaan. Ek voel nou sommer baie-baie beter. Ons kan nou maar aanstap.”

Toe Doemdoempie en Kiesimane by die naaldekokertjie kom, toe raak Doemdoempie se asem so byna-ampertjies weg! Nog NOOIT in haar hele lewe het sy so 'n mooi-fraai-pragtige dingetjie gesien soos wat nou hier voor haar staan nie! Doemdoempie het net gekyk en gekyk na die eerste feetjie wat sy in haar lewe sien, na haar pragtige goue vlerkies . . . en toe sy nog so staan en kyk, toe praat die feetjie met haar en sê:

„Klein Mammatjie, waarom sien ek die skaduwee van traantjies in jou ogies? . . . Wil jy baie-baie graag 'n babamiertjie hê?

Die vriendelike stemmetjie van die fraai gouevlerk-mensie het vir Doemdoempie dadelik moed gegee om te antwoord:

„Dit was traantjies van blydschap omdat ek vannag saam met jou kan gaan en al die hartseer mammatjies blommetjies kan gee en vir hulle die goeie nuus vertel dat hulle nie meer so baie lank vir 'n babatjie hoef te wag nie.”

En die feetjie, haar naam was Gouevlerkies, sê toe:

„Nou kom saam met my, dan kyk jy hoe baie alleen-mammatjies daar in die ou groot Kalaharie is.”

Doemdoempie was nou niks meer bang en skaam nie, en sy vra:

„Maar Gouevlerkies, hoe weet jy WAAR om al die alleen mamma-tjies in so 'n groot land te kry?”

„O”, antwoord Gouevlerkies, „dis maklik. Bokant elke mamma wat na 'n babatjie verlang, hang daar snags — so 'n bietjie hoog in die lug, 'n blink sterretjie; en feetjies se ogies kan hierdie sterretjies goed sien. Maar kom, dis tyd dat ons twee gaan; sê vir Kiesimane hy kan nou maar solank huis toe gaan.”

En toe stap Doemdoempie saam met Gouevlerkies na hulle ryperdjie, die naaldekoker toe.

„Hou styf vas Doemdoempie, ons gaan nou deur die lug vlieg,” waarsku Gouevlerkies.

O dit was vir Doemdoempie baie lekker om saam met so 'n mooi feetjie, op so 'n mooi rooi ryperdjie se rug, deur die lug te vlieg. Toe Doemdoempie nog so sit en droom, sê Gouevlerkies:

„Daar sien ek die eerste blink sterretjie hang. Kom ons gaan kyk wie is dit!”

Dit was 'n patrysmammattie wat op 'n nessie gesit het.

Gouevlerkies vra toe dadelik vir haar:

„Waarom hang daar dan 'n blink sterretjie bokant jou as jy al klaar op 'n nessie sit, Patrysmammattie?”

Met 'n hartseer stemmetjie antwoord die patrysie:

„Ag Gouevlerkies, ek sit al langer as 'n maand op hierdie eiertjies, maar hulle wil nie uitbroei nie. Ek weet nie wat dan verkeerd kan wees nie. Ek sorg tog dat hulle lekker warm bly, maar dit lyk nie vir my hier gaan patryskuikentjies uitkom nie. Maar tog, Gouevlerkies, my mammahart wil nie moed opgee nie.”

„Kom,” sê Gouevlerkies, „kom sit jou eiertjies wat nie wil uitbroei nie, hier in my goue kalbassie in . . . dan haal ons hulle netnou weer uit en dan sal jy sien, daar sal kuikentjies uitbroei. Toe, jy moet net gou maak, ek sien nog baie mammasterretjies hang en ek moet na al daardie hartseer mimmattjies toe ook gaan vannag.”

Die patrysmammattie het haar eiertjies in Gouevlerkies se kalbassie kom sit en toe Gouevlerkies hulle weer uithaal en aan die patrysmammattie teruggee, het sy baie dankie gesê en met blink ogies weer op die eiertjies gaan sit om hulle uit te broei.

Van die patrysie af het Gouevlerkies en Doemdoempie by 'n hasiemamma gekom wat op 'n grasnessie onder 'n ruie bassie gelê het. Haar groot oortjies was platgetrek asof sy bang was.

Gouevlerkies vra toe:

„Waarom blink jou mammasterretjie dan as jy op so 'n mooi weggesteekte grasnessie lê?”

Hasia lig haar lang oortjies regop en sê:

„Ek het 'n lekker weggesteekte grasnessie, maar ek het nie 'n babahasia nie.”

„Wag, ek en Doemdoempie sal jou traantjies in die goue kalbassie gooi en dan sal ek vir jou môre-aand 'n mooi blommetjie bring.”

Dit was vir die hasiemamma baie goeie nuus, want sy het geweet, as Gouevlerkies vir haar 'n blommetjie bring, dan beteken dit dat sy nie meer so baie lank vir 'n babahasia hoef te wag nie.

En so het dit die hele lange nag gegaan. Van hasie af is Gouevlerkies en Doemdoempie na Muishondjie toe. En van Muishondjie af is hulle na Steenbokkie toe. Doemdoempie is saam met Gouevlerkies van die een mimmattie met 'n seer hartjie na die ander een toe. Dit het haar hartjie baie beter laat voel om self te sien hoe baie mimmattjies daar in die groot Kalaharie was wat ook gewag het vir 'n babattie. Sy het later vir Gouevlerkies gesê:

„O, ek is bly dat jy my saamgeneem het . As mens eers self gesien



het hoe baie mammatjies vir 'n babatjie wag, dan is dit nie meer vir jouself so swaar om te wag nie . . .”

„Maar jy hoef nie meer so lank te wag nie, Doemdoempie,” sê Gouevlerkies. „Ek het lankal van jou traantjies in die goue kalbassie gegooi en hier is nou vir jou 'n blommetjie. Maar kyk net daar na die Ooste toe, die son wil al begin môresê. Kom, ek neem jou terug huis toe.”

„O dankie, . . . dankie . . . Gouevlerkies! Van nou af sal ek nie meer met honger ogies na ander mammamiere hoef te kyk nie. Een van die dae sal ek my eie babamiertjie hê. O dankie, dankie!”

„Toemaar,” antwoord Gouevlerkies, „dis ons feetjies se werk, ons heerlike werk om die alleenmammatjies van die Kalaharie vol sonlig te maak. Jy kan maar al die alleen-mammatjies na my toe bring.”

„Kan ek maar vir Basiejan ook bring dat jy vir hom 'n maatjie gee,” vra Doemdoempie.

„Laat hy self na my toe kom. Ek wil eers met hom gesels,” antwoord Gouevlerkies.

Nadat Doemdoempie die goeie nuus by die feetjie, Gouevlerkies, gehoor het, was sy baie haastig om by die huis te kom en vir Kiesimane te vertel wat Gouevlerkies alles gesê het, en sy wou ook vir hom vertel van al die mammadiertjies by wie hulle die nag was. Vinnig, net so vinnig as wat haar ses pootjies kon loop, is Doemdoempie toe huis toe. Toe sy met haar eie blommetjie wat Gouevlerkies vir haar gegee het, by die vinknesboom aankom, was sy bang dat die fraai blommetjie sou seerkry met die opklimmery teen die boomstam. Sy het mos geweet dat sy dié blommetjie baie mooi moet oppas totdat sy eers haar eie babamiertjie het om op te pas.

Vir 'n rukkie het Doemdoempie glad nie geweet wat om te doen om veilig met die blommetjie bo in die warm vinknessie te kom nie. Sy wou nie vir Kiesemane skreeu om te kom help nie, want haar hartjie, haar ou klein mierhartjie was bang dat Toetoemoelie dan sal hoor dat sy wat Doemdoempie is, alleen is. En dan kan hy dalk kom en haar blommetjie wegvat en dan moet sy weer van vooraf begin wag vir haar babamiertjie. Doemdoempie het gedink en gedink. En hoe langer sy gedink het, hoe meer het haar ses pootjies begin bewe. En toe, toe skielik hoor sy 'n sagte stemmetjie — 'n stemmetjie wat van Iemand kom wat altyd naby bang mammatjies is. En die sagte stemmetjie sê vir Doemdoempie:

„Byt die blommetjie in jou mond vas, dan het jy mos al ses pootjies om mee op te klim tot in julle vinknessie”.

Doemdoempie het sommer gelag van blydschap oor so 'n goeie plan.

Sy byt die blommetjie in haar mond vas en sommer gou klim sy teen die bomstam op tot binne in hulle warm vinknessie, waar Kiesimane nog vas aan die slaap gelê het. Doemdoempie was so bly om met die mooi blommetjie en die goeie nuus in haar hartjie in die nessie by

Kiesimane te wees, dat sy nie eers met hom geraas het omdat hy nie wakker vir haar gewag het nie. Maar Kiesimane het self gou verduidelik waarom hy aan die slaap was:

„O my Skattebolletjie, ek is baie jammer dat jy my aan die slaap kry. Ek het die heelnag wakkergebly maar toe die vroeë môre-ure kom, het die vaak my baasgeraak. Sê vir my: wat het jy daar in jou mond wat jy so styf vashou? En waarom is daar sterretjies in jou oë? Ek het jou ogies nog nooit voorheen so mooi gesien blink nie — vertel vir my waarom dit so is?”

Doemdoempie het die fraai blommetjie veilig in die hockie gaan neerlê, langs Kiesimane gaan sit en toe alles vir hom vertel. Sy het vertel van Gouevlerkies en die mammasterretjies en van al die mammaidertjies. En toe vertel sy vir hom van die blommetjie wat Gouevlerkies vir haar gegee het, en dat sy nou nie meer so baie lank vir 'n babamiertjie sal hoef te wag nie.

Toe Doemdoempie alles klaar vir Kiesimane vertel het, sit die man van die vier soentjies, al ses sy pootjies om haar lyfie, druk haar baie styf teen sy hartjie vas en sê:

„O Doemdoempie . . . my Noemnoempie . . . jy is die dierbaarste skatvroujie in die hele Kalaharie. Van nou af sal ek al die pappamiere in die Kalaharie in die oë kan kyk sonder om skaam te voel. En Doemdoempie, jy sê jy het vir Gouevlerkies gevra vir 'n seuntjie-miertjie en vir 'n dogtertjie-miertjie?”

„Ja”, juig Doemdoempie, „vir jou 'n seuntjie om alles aan te leer wat jy weet, en vir my 'n dogtertjie om bedags by my te bly as julle twee rondloop. Maar nou moet jy eers vir Basiejan gaan roep sodat ons vir hom ekskuus kan vra.”

Kiesimane het 'n rukkie na sy vroujie gekyk en nie mooi verstaan wat sy nou wil doen nie. Toe vra hy:

„Ekskuus vra vir Basiejan? Waarom moet ons ekskuus vra?”

En Doemdoempie wat soms verder as Kiesimane gedink het, antwoord:

„Ons moet vir hom ekskuus vra omdat ons nou sy reisplanne deurmekaar gemaak het. Dit was tog sy plan dat ons drie saam ver deur die Kalaharie moet reis. En nou gaan jy en ek mos hier omdraai huis toe. Verstaan jy nie?”

„Ja, ek verstaan. Maar ek dink nou skielik aan iets. Kan ons nie vir Basiejan help om ook 'n seuntjie te kry nie?”

Toe lag Doemdoempie 'n mooi laggie vir haar Kiesimane wat partykeer tog sulke dom dinge kan vra, en met twee pootjies om sy nek, antwoord sy:

„My Skat . . . my liewe Skat, 'n man moet mos eers 'n vroujie hê om sy seuntjie vir hom te help grootmaak! Maar ek . . . ja . . . ek dink ek het 'n plan!”

„Wat?” vra Kiesimane baie opgewonde, „sê gou wat jou slimkoppie uitgedink het.”

„Gaan roep vir Basiejan”, antwoord Doemdoempie, „ek wil self vir hom sê”.

Baie haastig is Kiesimane toe by hulle vinknessie se gaatjie uit en hardloop hy net so vinnig as wat hy kan na die ander vinknessie toe om vir Basiejan te roep.

Sommer gou was hulle twee terug by Doemdoempie, want toe Basiejan hoor dat Doemdoempie groot nuus vir hom het, was hy ook haastig om te gaan hoor wat dit is.

En Doemdoempie, die liewe-liewe Noemnoempie, sy het 'n man se hart baie goed geken. Sy het geweet dat as jy hom so 'n bietjie laat wag, waardeer hy sy kos en ook goeie nuus baie meer. Sy sê toe eers vir die twee uitasem mans:

„Wag julle so 'n bietjie in die deur van die nessie. Ek is amper klaar met die nuwe warm bedjie wat ek maak. Die veertjie en die umtwentwegrassade wat die mammavink haar nessie mee uitgevoer het, maak tog 'n alte lekker warm bedjie.”

Doemdoempie was sommer baie besig daar in die vinknessie. Sy het vir haar en Kiesimane 'n heerlike nuwe sagte bedjie gemaak en sy het nóg iets gemaak — 'n heerlike warm broeiplekkie waar sy haar miereiertjies wou lê.

Na 'n rukkie roep sy toe die twee mans om maar in te kom en in min woorde vertel sy toe aan Basiejan haar groot nuus: dat sy die nag saam met Gouevlerkies was en dat sy self toe ook 'n blommetjie gekry het en nou nie meer so lank sal hoef te wag vir haar babamiertjie nie, en toe sê sy:

„Basiejan, Kiesimane en ek moet vir jou baie dankie sê dat ons hier by die reënpan uitgekome het. Ons moet vir jou danike sê dat ek verlede nag saam met 'n feetjie kon rondry op een van die reënboogseuntjies, die naaldekker — en daardie feetjie wat die goeie nuus vir my vertel het van my babamiertjie was Gouevlerkies. O Basiejan, en nou wil ons graag jou hart ook bly maak sodat jy saam met ons sal wil terug gaan huis toe. Ek wil . . .”

Die liewe Basiejan het haar in die rede geval:

„Doemdoempie, moet jou nie oor my bekommer nie. As my vriende gelukkig en bly is, is ek ook gelukkig en bly. Ek weet mos dat ons nie nou verder kan reis nie, want een van die dae sal jy en Kiesimane julle babamiertjies moet oppas. Al wat ek wil vra is of ek maar hulle peet-pappa kan wees, asseblief?”

Doemdoempie het traantjies van blydschap uit haar ogies gegee, 'n paar traantjies weggesluk en toe gesê:

„Wag, mooihart Basiejan, wag dat ek net klaar praat. Ek het verlede nag vir die liewe feetjie, Gouevlerkies, wat my so mooi gehelp het, gevra

of sy nie vir jou ook sal help nie. Ek het vir haar gevra of sy jou nie ook sal help om 'n maatjie te kry nie. En weet jy wat het sy gesê? Sy het gesê jy moet na haar toe kom sodat julle kan gesels.”

Basiejan het 'n paar keer gesluk asof die woorde in sy keeltjie wou vas-sit . . . en toe antwoord hy:

„Dankie, dankie Doemdoempie . . . baie dankie, dat jy toe jy self so baie gelukkig was, aan my ook gedink het. Jy is 'n mooihartvroutjie. As ek eendag so 'n mooihartvroutjie soos jy vir 'n maatjie kan kry, sal ek ernstig daaraan dink om ook te trou.”

„Maar Basiejan”, kom dit dadelik van Doemdoempie: „Jy moenie van EENDAG praat nie. Die pad na eendag toe is te ver . . . en te alleen. Iemand wat op eendag se pad loop, word meer en meer 'n alleenloper. Jy moet vanaand, net vanaand nog, net na sononder, na die feetjie toe gaan. Sy sal jou help soos jy vir my gehelp het. Bliefies, Basiejan. Belof my dat jy na Gouevlerkies toe sal gaan?”

„Weer 'n keer het Basiejan swaar gesluk voordat hy geantwoord het:

„Doemdoempie, liewe-liewe Doemdoempie, as 'n mens 'n ou alleenloper is wat graag en ver rondloop, is jy bang om die son elke more ooi dieselfde huisie te sien opkom. As die swerfpad, die rondlooppad, deur jou hart loop, wil jy nooit langer as 'n week op een plek bly nie. Jy wil altyd net van die een plek na die ander rondloop. Ag probeer om dit te verstaan asseblief, Doemdoempie.”

Toe huil Doemdoempie, en sy praat met 'n baie hartseer stemmetjie:

„O, Basiejan . . . O, liewe-liewe Basiejan, nie een van ons wat 'n hart het, is gemaak om met die swerfpad, die alleenpad, die lang-lang pad wat net altyd verder en verder gaan te trou nie. Basiejan, ons wat warm hartjies het, verlang almal na 'n eie maatjie, 'n eie huisie en seuntjies en dogtertjies om mee te speel. As ons bly wegvlug vir hierdie dinge waarna ons tog almal verlang, dan loop ons ons voetjies deur op die swerfpaaie . . . En ons slaap nag vir nag met 'n koue ruggie en 'n leë hartjie. Basiejan, Basiejan, luister net hierdie een keer na my en gaan vanaand na die feetjie toe, asseblief. Sy sal vir jou wag. En onthou, haar naam is Gouevlerkies. En Basiejan, soos ek vir Gouevlerkies ken, sal sy aan jou hart ook goue vlerkies gee. Belof vir my, Basiejan, belof vir my dat jy na haar toe sal gaan. Bliefies, Basiejan!”

Basiejan het vier pootjies voor sy ogies gedruk en toe vir 'n hele ruk so gesit en gedink. Basiejan het baie diep gesit en dink en toe geantwoord:

„Goed, Doemdoempie, vir JOU sal ek dit doen. Omdat jy my vra, sal ek na die feetjie toe gaan. En more-oggend sal ek vir julle alles kom vertel.”

\* \* \*

Nadat Basiejan vir hulle belof het om sodra dit begin donker word, na Gouevlerkies toe te gaan, is hy weer terug na sy eie vinkessie toe. Ai, maar toe hy daar kom, is die nessie darem baie koud en alleen. Toe besluit Basiejan om maar die jolsakkies vol sprinkaanbiltong te gaan maak.

Terwyl Basiejan van spinnerak na spinnerak gestap het om die spinnekoppe se orige sprinkaantjies te vat, het hy geloop en dink, en hoe meer hy gedink het hoe onrustiger en onrustiger het hy geraak.

Wat gaan ek doen as Gouevlerkies vir my sê dat ek 'n maatjie moet soek en vir haar 'n huisie maak? Hoe sal ek vir Gouevlerkies kan verduidelik dat ek nog nie 'n maatjie wil hê om 'n huisie voor te maak nie? Hoe gaan ek aan haar verduidelik dat ek nog eers baie wil swerf, baie plekke wil sien en vry wil wees om te gaan en te kom net soos ek wil, sonder om elke aand in dieselfde huisie te moet gaan slaap?" Dit is wat Basiejan geloop en dink het so van een spinnerak na die ander een. En al hierdie vrae het hom meer en meer na die son laat loer. Hy het bang en banger geword dat die son moet gaan slaap, want as dit begin donker word, het hy mos beloop om na Gouevlerkies toe te gaan.

Maatjies, maar weet julle, toe Basiejan nog so dink oor al die vrae in sy koppie, toe vind hy 'n baie groot geheim uit. En dit is: hoe meer jy die son oppas om onder te gaan en te gaan slaap, hoe stadiger stap hy. En toe Basiejan hieroor nadink, toe ontdek hy nóg drie waarhede. Die eerste van die drie waarhede is:

Jy moenie bang wees vir 'n son se gaan slaap nie, vir donkerword nie, want as jy bang is dan dink jou koppie nie mooi reg nie.

Die tweede waarheid is:

Jy moet altyd onthou dat daar ander mense is wat dalk meer weet as jy.

En die derde waarheid is:

Jy moet met 'n oop hartjie deur die lewe gaan sodat jou hartjie voller kan word van waarhede wat jy nog nie van geweet het nie. Daar is altyd menses, swerwertjies, wat al baie meer gesien en gehoor het as jy.

Hierdie vier waarhede het vir Basiejan laat voel dat hy nie meer bang is nie, dit het hom laat voel dat daar nog so baie mooi dinge was om te leer. En toe Basiejan nie meer bang is nie, toe word hy vaak. En as Basiejan vaak word, dan wil hy nie meer so baie dink nie. Dan wil hy liever slaap. Hy het toe onder 'n ruie graspolletjie gaan lê en vas aan die slaap geraak.

Toe hy wakker word, was daar net mooi genoeg son oor om die drie sakkies met die biltongsprinkhaantjies gou vir Doemdoempie en Kiesimane te gaan gee. Hy het sommer die drie vol sakkies by die vinknessie se deurtjie ingerol en gesê:

„Kos! Kos vir vannag!

Ek kom môre met ligdag”.

En toe kom die laaste uur, wat gewoonlik die langste uur is om óm te wag. Basiejan het toe maar besluit om te kyk hoe ver dit van die vinknesboom af is tot by die naaldekokker se stokkie. Hy het begin stap en elke treetjie getel: een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe . . . en toe hy by agt hon-

derd kom, toe raak hy deurmekaar. Met 'n sug het Basiejan toe maar weer voor begin. En so het hy die laaste en langste uur voor donker ook omgekry.

Die son het in die reënboogkleure agter die wolkies gaan wegkruip. Dit was die tyd van die dag wat mens so maklik verlang. Die uur as almal met 'n hart, na 'n maatjie verlang, die tyd van die dag wat niemand alleen wil wees nie.

Maatjies, en juis in hierdie uur van groot verlang, waarin selfs die swerwertjie, Basiejan, ook nie graag alleen wou wees nie, juis in hierdie uur het die feetjie, Gouevlerkies, na hom toe gekom en sy swerwerhartjie dadelik warm gemaak met twee vragies:

„Basiejan, weet jy dat jy nou nie meer alleen is nie? Weet jy dat jy nou maar jou vrae kan vra?”

Toe kyk Basiejan eers mooi wie dit is wat met so 'n mooi warm stemmetjie praat, 'n stemmetjie wat sy hartjie so lekker warm maak. Ai, en toe hy darem sien hoe pragtig sy is, toe sit sy tong sommer vas in sy mond en kan hy nie een woord gepraat kry nie. Hy kon maar net na haar kyk, en kyk, en kyk.

Gelukkig kan feetjies binnekant klein mensies se hartjies sien. En sy wat Gouevlerkies is, sien toe dat Basiejan nie stilbly omdat hy kwaad of nukkerig is nie. Sy sien dat hy stilbly omdat hy hom verkyk aan háár. Dit het haar dadelik baie moed gegee en by haarself laat dink:

„As Basiejan die soort man is wat oop oë het vir 'n mooi mensie, sal dit nie vir hom moeilik wees om 'n maatjie te kry nie”.

Ongelukkig raak Gouevlerkies toe bietjie haastig en te gou vra sy:

„Basiejan, kan ek jou help om 'n maatjie te kry, 'n maatjie vir wie jy 'n mooi huisie kan maak?”

Die woordjie HUISIE was soos 'n akkerdoppie vol yswater op Basiejan se koppie. Dit het hom sommer dadelik helder laat dink en toe antwoord hy:

„Liewe feetjie, ek soek nog nie na 'n maatjie nie. Ek dink nog nie daaraan om 'n huisie te maak nie. Dis vir my nog baie lekker om alleen te wees, om elke nag in 'n ander huisie te slaap en om baie rond te loop en nuwe vriende te maak.”

Hierdie woorde van Basiejan, die swerwertjie, het vir Gouevlerkies 'n rukkie diep laat dink voordat sy met 'n ernstige stemmetjie antwoord:

„Basiejan, nie een van ons is op aarde om net vir onself te leef nie. Ons is nie in die wêreld om net aan onself te dink en net na ons eie plesier te soek nie. Daar is elke dag honderde honger hartjies rondom ons wat liefde en warmte vra. En hoe meer liefde en warmte ons aan andere gee, hoe ryker en mooier word ons eie hartjies”.

„Maar”, antwoord Basiejan wat altyd baie gou aan 'n antwoord dink, „ek kan liefde en warmte aan honger hartjies gee sonder om 'n maatjie te

vat vir wie ek 'n huisie moet maak. Vra maar vir Doemdoempie en vir Kiesimane hoe lief ek vir hulle twee is. Gouevlerkies, en jy het dan self nie 'n maatjie wat vir jou 'n huisie gemaak het nie. Hoe kan jy nou vir my kom vertel dat ek dit moet doen, dat ek vir my 'n maatjie moet soek en jy het dit nie gedoen nie?"

Toe sien Gouevlerkies dat Basiejan 'n slimkoppie is — hy kan vir homself dink.

„Met sulke slimkoppies moet jy baie geduldig wees, anders kry jy niks met hulle reg nie. Jy moet erken waar hulle reg is, en dan maar weer verder probeer mooipraat", dink sy, en antwoord toe:

„Jy is reg, Basiejan. Ek het nie 'n maatjie wat vir my 'n huisie gemaak het nie. Maar nou moet jy onthou, ons feetjies het nie huisies soos julle kleinspoortjie-mensies nie, ons is sterrekindertjies. Nuwe feetjies word gebore waar 'n verskietende sterretjie in 'n oop blommetjie val. Sterretjies blink en knipoog daar bo aan die hemel om liggies vir die klein mensies en ook vir die grootmense te gee. En die feetjies se werk is weer om elke nag rond te gaan en alleen-mammatjies te help. Vra maar vir Doemdoempie. Sy het een hele nag saam met my rondgevlieg en gesien hoe ek die klein mammatjies van die Kalaharie help."

Basiejan was 'n eerlike oophart-swerwertjie, en hy antwoord:

„Dankie . . . dankie . . . baie dankie Gouevlerkies dat jy so mooi vir my verduidelik het waar feetjies vandaan kom, en ook wat feetjies se mooi werk is. Nou wil ek net graag van jou weet: Hoe kry mens iemand lief genoeg om jou hele lewe lank net die een maatjie te hê, vir haar 'n mooi huisie te maak en nooit vir haar moeg te word nie?"

„Dis 'n baie mooi en verstandige vraag, Basiejan. En weet jy, dis 'n vraag wat duisende ernstige soort mans al van die begin van die wêreld af gevra het. Sulke soort mans vat nie sommer die eerste vroultjie wat hulle sien vir 'n maatjie nie. Hulle weet: as 'n mens vir jou 'n maatjie vat en vir haar 'n huisie maak, dan is dit vir altyd en altyd. Maar daar is een ding wat hulle nog nie weet nie, en dit is dat elke hartjie wat klop van lewe, klein hartjies . . . en ook groot harte, al daardie hartjies is bedoel vir GELUK. En Basiejan, daardie GELUK kry mens net as twee hartjies een word."

En toe Basiejan weer nie so mooi verstaan nie, vra hy:

„Maar hoe kan twee hartjies, elkeen in 'n aparte lyfie, dan een hartjie word, Gouevlerkies?"

„Twee hartjies wat een word," antwoord Gouevlerkies, „is die grootste, die mooiste, en die oudste geheim van die hele lewe. Die klein mensies (soos die bokkies, die hasies, die voëltjies, die toktokkies en party soorte miere), en ook die groot mense is so gemaak dat hulle van kleinsaf, sonder dat hulle dit regtig weet, al soek en verlang na 'n ander hartjie om een mee te word. Hulle verlang na 'n hartjie om al die mooie van die lewe, en ook al die seer en alleenheid van die lewe MEE TE DEEL. Want Basiejan, weet jy, alles wat mooi is wat jy met 'n ander hartjie DEEL,

word tweekeer so mooi. En al die seer en alleenheid wat jy met 'n ander hartjie deel, gaan sommer baie gou oor. Dit Basiejan, is die geheim van LIEFDE. Dis die enigste vuurtjie wat aan elke hart in hierdie lewe, lig, warmte en geluk kan bring. En hierdie warmte, hierdie ware geluk, hierdie lig, kry en voel die pappamensie nie voordat sy hartjie een geword het met die hartjie van 'n mammamensie nie. Soos jy vanaand hier by my staan, Basiejan, is jy maar 'n halwe mensie. Gaan soek 'n vrouhartjie om vir jou 'n maatjie te wees, 'n mensie met 'n hartjie waarmee jou een kan word, dan sal jy weet wat dit is om 'n VOLLE mensie te wees."

Basiejan het gevoel dat al hierdie dinge wat Gouevlerkies vir hom vertel het, baie waar is, en daarom was hy nie te haastig om te praat nie, maar toe hy antwoord was dit met 'n oop hartjie:

„Gouevlerkies, ek sal BAIE dink oor wat jy vir my gesê het. Ek gaan nou eers vir Doemdoempie en Kiesimane huis toe neem, en daarna sal ek begin soek na 'n hartjie om my lewe 'n VOLLE lewe te maak. Met jou wil ek graag oophartjie praat en vir jou sê: Op my swerfpaaie, op al my baie rondlooppaaie, het ek al baie keer verlang na 'n hartjie om die mooie van die ou Kalaharie met my te deel . . . en ook om 'n alleen en koue aand met my te deel. Gouevlerkies, ek sal so 'n mensie soek . . . en dan sal ek haar vir jou kom wys.





D. P. M. BOTES

NAGWAG

ek slaap nie meer  
in die neste van jou oë nie  
die tuin van jou ommuurde drome het ek verlaat  
sodat ander kan intrek

die bome wag  
die wind verstom  
die nag verskaal soos die blaf van jakkalse  
betekenis verloor vir die dowe kind

jy het alle paaie alle hekke gesluit  
omdat jy bang was  
vir die punte van my teerste woorde

die grasperke van jou lyf het verkalk:  
die lewe verdwyn  
met my vertrek uit jou neste jou oë  
na die winter die slaap van my sintuie

ek: alleen:  
op pad na die dood

FRANS POINTL

TAKE ME WITH YOU  
AND LET ME BE HAPPY . . .

neem me eindelijk bij de hand  
trek me de wereld in  
zeeën raken nog steeds het land  
en ik zal alle mensenrassen ontmoeten  
iedereen de vredeskus geven  
en in elke kerk, moskee, synagoge  
mensen vergeefs zien geloven

neem me eindelijk bij de hand  
nu ben ik nog niet verdronken  
— een golfje aarde sluit me  
van de wereld af  
als ik liggend ben gezonken —  
nu is er nog geen ziektewolf  
die zwijgend stukken  
uit m'n lichaam vreet  
nu kan ik nog vliegen door ramen  
die zonlicht hebben geweerd  
over daken van mijn falen  
over de witte vergeefse bergen  
die „geschreven brieven” heten

neem me eindelijk bij de hand  
trek me de wereld in  
ik sta er zo vreselijk naast  
en draai niet mee  
de stap op de wijzer is groot  
van negen tot twaalf  
is nooit drie uur  
maar een mensenleven  
een tunnel is nooit  
een donkere buis  
maar wijd als een heelal  
en jij weet  
evengoed als ik  
dat een kerk op z'n spits staat  
het haantje van de toren  
draait diep in de grond  
met elke stilte mee.

## JOHANN MOSTERT

### MY SUSTER

jy ruik soms na 'n seun  
wat in die riete krap-gesoek  
toe in die reën  
na my teruggeloop het

jy ruik na stukkende gras  
en dooie paddas in jou sak  
jy ruik na pa se verfkwas  
en sy pyptabak

na lampolie in die aand  
en die kolevuur  
maar die meeste ruik jy vanaand  
na 'n dou-nat angelier

**my suster (2)**  
ek sien jou draaiperd ry  
ek hoor jou lag  
ek sien jy's bly  
oor die mallemeule-dag

die kind is in jou hande  
die kind is in jou lag  
daar's peperment  
in die spierwit van jou tande

'n geel ballon  
om jou vinger gebind —  
julle ry altwee  
verniet wind

### **jy wil mos**

ek wil jou aan 'n duifpoot vasmaak  
en saamstuur na sy hok

ek wil jou aan die priester doneer  
vir die lui van die misklok

met die eerste ghries-aap  
wat verby kom in 'n trok

wil ek jou saamgee  
met 'n matroos na sy dok

jy praat nie met my liefde nie  
jy maak teveel amok

nou wil ek jou net môre  
vasmaak aan die boemelaar se stok

Na watter hawe moet ek vaar  
na watter oord  
In watter stortreën moet ek staan  
in watter poort  
van watter stad?

Hoeveel trappies moet ek opbid  
voor ek jou oë kan afskud?

\* \* \*

Vreemdes kyk met prototipe van jou oë  
na my  
en loop verby  
die nánag in;  
ek volg en vind  
die kleur van jou hare in roeslywe  
van bokkies wat met blink strepe water  
om hulle spring  
in die Oppenheimerparkie verstil  
wanneer die wagter van die stad  
die uur uit sy toring aftel  
en sê alles is wel

alles is wel  
al is jy weg

\* \* \*

Weerloos lê jy in jou holte-nes  
en hiberneer  
(of kontempler?)  
volkome onder beheer

Maar dan:  
kruip jy ongemerk regop  
jou polsende bloed  
wat opstandig oor my heers

Voltooide Babel-toring  
ek verstaan jou nie  
(jy's met 'n duisend onbekende tale gestraf)

HEIDELBERG SE BYDRAE TOT  
ONS LETTERKUNDE

„Ek wil dit nie wreed sê nie, maar verbeel jou die volk wat 'n literatuur van A. G. Vissers het, of waarin A. G. Visser een van die hoogtepunte is!” — N. P. van Wyk Louw in *Lojale Verset* (2'e druk), p. 156.

---

As dié woorde van 'n volk gesê word, wat dan van 'n dorp wat net A. G. Visser ken en vereer? 'n Skool, 'n hospitaal, 'n saal is na hom vernoem, op sy graf is 'n plaat deur die Afrikaanse Skrywerskring aangebring en by sy huis 'n borsbeeld.

Gelukkig is dit nie die enigste skrywer wat aan Heidelberg verbonde was nie. Dit is nie die literatuur of die kritici se skuld dat die meeste van die inwoners hulle blind staar teen iemand wie se persoonlike lewe en sy beminlikheid as mens hom die gunstelingskrywer van sy dorp gemaak het nie.

As ons ernstig besin en ons rekenskap gee van Heidelberg se bydrae tot ons letterkunde, sal ons meer skrywers ontdek wat ook op die een of ander tyd — net soos Visser — aan Heidelberg verbonde was. En dan hoef ons nie eens so ver terug te gaan soos Louis Trichardt wat op sy deurreis deur die distrik op weg na sy eindbestemming 'n deeltjie van sy dagboek hier moes geskryf het nie.

Ek wil die skrywers graag baie kortliks bespreek onder die hoofde: poësie, skeppende prosa en wetenskaplike prosa.

POËSIE

Op die gebied van die digkuns het die Heidelbergse skrywers 'n ryke aandeel gehad.

*A. G. Visser*

P. du P. Grobler sê in *Verkenning*: „Visser verdien die agting van ons kritiek, nie die hoon van ons neerbuigende vertroeteling nie.” Maar hierteenoor moet ons in gedagte hou dat Visser geskryf het volgens die eise van sy tydsges. Hy moet as volksdigter gesien word.

Dit is so dat sy ernstige werk mank gaan aan te veel soetlikheid, sentimentaliteit, boekwoorde, gebrek aan oorspronklikheid, retoriek en te min kontak het met normale spraak; dat „verhewenheid”, „poëtiese welluidenheid” en blote sangerigheid nie aanspraak op eenvoud, suiwerheid en

duidelikheid kan maak nie; dat sy maatgebondenheid en ryme sy verse kunsmatig maak.

Visser se bydrae, afgesien van sy kindergediggies, lê in die humoristiese verse se speelse sprankeling („Toe die wêreld nog jonk was”) en die eenvoudige volkse toon van gedigte soos „Die Swarte Osse” en enkele ernstiger gedigte soos bv. „Die Roos” waarin hy los gekom het van sy „welluidende” woordgebruik en mooi eenvoud gegee het. Speelse, kernagtige en ratse woordgebruik en die parodieë van Bybelse stof gee hom ’n eie plek. Dit is sterk te betwyfel of enige skrywer voor of na hom t.o.v. van geestige poësie iets beters gelewer het as „Toe die wêreld nog jonk was.”

### *Eugène Marais*

Marais dien as heraut en tydgenoot van die opeenvolgende geslagte. Aan die skeppingskuns van voor 1900 het hy reeds deelgeneem al was sy bydrae hoofsaaklik in Engels. Met „Winternag” word hy literêr-histories ons eerste werklike digter genoem. Hy het dan ook sy bydrae gelewer aan die na-oorlogse tyd toe die digters „die storie van ons sterfte” besing het. „Die Smid” is ’n gedig om die volk te inspireer, „1902” handel oor die verlies van die volksvryheid en „Oorwinnaars” oor die kinderlyding in die konsentrasiekampe. Die huislike poësie word met „Klaas Vakie” verteenwoordig.

Ook die gees en inhoud van die Twintigers kan by Marais nagelees word. „Mabalel” e.a. gedigte bevat die sentimentele, romantiese en die welluidende woord soos drome, maanskyn, rose, sterre, en die natuur sug, treur versmag en so meer.

As gevolg van sy individualisme en opstandigheid in „Skoppensboer”, e.a. gedigte word hy, soos Toon van den Heever, erken as voorloper van Dertig.

Nieteenstaande tekortkominge in sy poësie bly sy natuurgedigte van die beste wat hy gelewer het en ’n gedig soos „Die dans van die Reën” van die mooiste in Afrikaans.

### *Toon van den Heever*

Hierdie digter (gebore Heidelberg) word erken as die sterkste figuur van sy geslag. Hy het vernuwing, hoewel nog sporadies, gebring veral t.o.v. ’n veranderde geesteshouding. Die ritmiese vaart van sy gedigte, die nuwe perspektiewe, die hewiger menslikheid in sy kuns en die feit dat hy lewensprobleme intellektueel benader het, kenmerk hom as die intellektuele soeker, die onrustige.

Hy is nog vaderlander („Ritrympie”, „Die Beeld van oom Paul”), maar die direkte oorlogsmart ontbreek. Ook die liefdespoësie ontbreek nie, maar dit is nou nie meer net die bewondering van vroulike skoonheid nie, dit word nou die beleving van liefde as hartstog („Die Kus”, „Aan Madonna”, „Haelwit Gestapelde Wolke”) en daardeur word dit van ons eerste waaragtige liefdespoësie in ons letterkunde.

Die veranderde geesteshouding (wat deur sy sinisme en opstand teen God, teen menslike instellings en beperkinge van die mens) van ’n nuwe lewensgevoel getuig, maak hom by uitstek voorloper van Dertig.

#### *Soul Erasmus Smit*

Van hom (skuilnaam van Abel Coetzee) het verskyn „Die Halwe God” en „Ruiter in die Wind”, sonnetsiklusse van 48 en 49 gedigte met sentrale gedagtes van teologies-filosofiese aard: die lotsgeskiedenis van die mens.

#### *Ander digters*

Hoewel die ander digters wat aan Heidelberg verbonde was nie hulle gedigte gebundel het nie, verdien hulle ook melding. P. H. Langenhoven en D. Viljoen het hul veral toegelê op die skryf van liedere. Hul name is goed verteenwoordig in die F.A.K.-Sangbundel. J. A. Venter het in tydskrifte gepubliseer. Van sy gedigte is in *Stiebeuel* opgeneem en ’n enkele gedig „Sewe-uur” in D. J. Opperman se *Groot Verseboek*. Edwin de Kock het al in *Tydskrif vir Letterkunde* gepubliseer en M. van Zyl, C. Cilliers en U. M. Gerrits doen mee aan die jonger digkuns in dieselfde tydskrif.

### SKEPPENDE PROSA

#### *Eugène Marais*

Reeds gedurende sy verblyf op Heidelberg het Marais begin om die bevindings van sy natuurwetenskaplike navorsing oor miere, ape, bobbejane en okkulte verskynsels te boek te stel. Aanvanklik het Marais hom toegelê op die skryf van intrigeverhale: *Magriet van Laastelus*, *Die Weg-raak van Sannie* en so meer. In sy kortverhale veral openbaar hy hom as knap verteller met ’n sin vir komposisie. In dié opsig vorm sy verhaal „Diep Rivier” ’n hoogtepunt. Dis egter met *Dwaalstories* dat sy roem as prosateur vasgelê is. Hieroor sê N. P. van Wyk Louw in *Vernuwing in die Prosa*: „Vandag sou ek sê: hierdie vier stukke is van die grootste prosa in ons taal.”

#### *Toon van den Heever*

Sy prosa, sketse en kortverhale, handel meesal oor die Hoëveldse plaas-

lewe en sy jeugherinneringe. Bekend is veral sy „Werkstaking by die Kleigat” en die figuur van Outa Sem. Hier het ons te make met fynsinnige vertelkuns: gemoedelik, fraai, pittig.

#### *Jacob Lub*

Hy was vanaf 1926 aan Heidelberg verbonde. Sy sketse en verhale is in vier bundels uitgegee: *Eenvoudige mense*, *Donker Johannesburg*, *In en om die Goudstad*, *Oom Frikkie e.a. sketse*. Dit is realistiese verhale met ’n melodramatiese inslag. Die verhale getuig van deernis met die ontworteldes in Johannesburg se agterbuurtes.

#### *A. A. Pienaar (Sangiro)*

Vanaf 1910 was Sangiro verbonde aan Heidelberg. Die sketse *Uit Oerwoud en Vlakte* se eerste hoofstukke is op Heidelberg geskryf. Dit is die boek waarop sy roem veral berus, selfs buite die grense van Suid-Afrika. Dit is dan ook in verskeie Europese tale vertaal. Sangiro se simpatieke siening van die dieretragediek, sy kennis van die diere en sy strewende na natuurgetroue beskrywing, hou veel aantreklings in vir die leser. Ook sy reis- en ander verhale getuig van sy eerlikheid: *Op Safari*, *Simba*, *Trekvoëls*, *Koors*, *En die Oranje vloei verby*.

#### *Abel Coetzee*

Abel Coetzee is welbekend as gewese voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring, as kritikus, taalgeleerde, volkskundige en skeppende kunstenaar. In sy verhalende prosa word ’n sterk gevoel van eensaamheid en die menslike strewende na geluk beliggaam. Die deernismotief en die ruimtes van Wes-Transvaal keer telkens in sy werk terug. Nieteenstaande leemtes soos te doelgerigte teoretisering en allegoriserings hier en daar skryf hy tog gevoelige sketse en verhale.

#### *Minnie Posma*

Haar bydrae moet in haar vertelkuns gesoek word. Afgesien van die talle jeugverhale en sprokies van die Basoeto’s wat sy opgetken het, sal sy om haar Meintjie- en Lettie Bockskeppings ’n vaste leserskring behou.

#### *Johann Bekker*

Hoewel hy ’n hele aantal boeke gepubliseer het o.a. romans en jeugverhale, is sy *Het van Verlangekraal*, ’n jeugverhaal, seker sy bekendste werk.

#### *A. G. le Roux*

Le Roux het eers jeugverhale geskryf, seunsboeke waarin die Bende-X optree. Sy jongste werk is ’n liefdesroman *Die Prys vir Eer* wat uitgegee is in die A.P.B. se boekskeema.



*F. W. en H. P. von Horsten*

Van hierdie twee broers is die bekendste werk die jeugverhale oor die Bushies en 'n aantal romans met 'n sterk didaktiese inslag.

### WETENSKAPLIKE PROSA

Op die gebied van wetenskaplike prosa is oor die jare heen veel gelewer. Ons kan volstaan deur enkele name te noem. Eugène Marais het sy bydrae gelewer met sy natuurwetenskaplike studies. Op letterkundige gebied is daar artikels en boekbesprekings van S. C. Hattingh, Abel Coetzee, A. J. Antonites, U. M. Gerryts e.a., R. G. Visagie skryf taalboeke vir die Middelbare skool en Cecily Louw oor die drama en kindertoneel. Op ander vakgebiede kan die name genoem word van J. I. Rademeyer (geskiedenis), W. E. G. Gutsche, B. R. Buys, O. H. Hartman en J. H. Bekker (Opvoedkunde), P. J. Viljoen, J. van Niekerk en C. Alant (godsdienst), S. van Biljon (teorie oor rotsformasies in die Laeveld), H. J. en C. E. de Jager (musiek), A. G. de Beer (reisindrukke) e.d.m.



## WESSEL PRETORIUS

### HOE OM DIE WÊRELD TE VEROWER

skryf 'n gedig oor die wêreld  
dra dit op aan die wêreld  
dra dit dan voor aan die wêreld

indien geen reaksie geen applous

skryf weer 'n gedig oor die wêreld

indien ens.

probeer vervolgens die snelweg van drome

### DILEMMA

Sy wandel vervorm  
deur my versperrings  
gryp my gewigte gespe  
my vas op die pynbank  
van my gedagtes

Gedurende die seremonie  
dink ek oor die dae wat kom:  
mense vra advertensies aan  
boeke propageer vergeefs  
net plante luister nog na woorde  
en demonstreer dan kodes  
in koepels van geluksaligheid  
om uiteindelik terug te sein  
(elk na sy eie god): wat nou

Sy staan respektabel  
teenoor my: rondom ons  
verskyn seksadvertensies teen die lug  
'n koor van pedagoë gee seksonderrig  
totdat monde van meisies halfoop bly

'n senusigaret later sê sy:  
"jou hande is mooi"

STEPHEN ARNOLD

GEDAGTES IN DIE WIND

daar's baie visse in die see  
baie paddas in die water  
voëls wat in mikke van bome rus  
selfs fiskale wat platannas ophang vir biltong  
tog tussen al die verdrogings van die hart  
is daar 'n sagte plekkie vir jou  
wat nie wil heel nie  
kom fisikaal  
neem my  
kruisig my  
aan jou doring  
sodat die wind droog waai  
oor my seer

SAREL SMIT

[A.D.

vir Jock.]

Met sy voete  
en hande  
                  wit  
en bewerig

          het sy oë op  
die sand  
                  geruk  
en gerol,           die wind  
was 'n duisend  
                  kitare.

          „Die woorde  
lê hier  
          in my wyn”

          het hy gesing

„Ek wens ek was  
soos water.”

## NATIONALE MUSIEKDOKUMENTASIESENTRUM

Met genoë plaas ons die volgende oproep van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing:

Geagte Musikus,

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het so pas 'n Nasionale Musiekdokumentasiesentrum ingerig.

Die RGN het op 1 April 1969 tot stand gekom met die doel om navorsing op geesteswetenskaplike gebied te verrig en te bevorder. Die Raad verrig sy werk deur verskillende institute. Een van sy institute is die Instituut vir Taal, Lettere en Kuns. Daaronder hoort dan o.a. Die Nasionale Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere, die Naamkundesentrum, die Sentrum vir Sosiolinguistiek, die Musiekensiklopedie, en die Musiekdokumentasiesentrum. (Adres: Privaatsak X41, Pretoria.)

Ons het u hulp nodig om dit uit te bou tot 'n groot en doeltreffende sentrum. U kan dit doen deur aan ons dokumentasiemateriaal (bv. koerantuitknipsels, briewe, foto's, programme's, personalia, curiosa, dokumente, ens.) te verskaf oor besoekende buitelandse kunstenaars (kore, sang, orkeste, ens.), klavier, komposisies, konservatoriums vir musiek, kore, liedere, musiekfeeste, musiekkonferensies, musiekkonserte, musiekwedstryde, orkeste, orreluitvoerings, plaatopnames, sang, sangbundels, skouburge, toekennings, ens.

Ons sal bly wees as u hierdie vorm op die agterkant sal voltooi. Wat ons baie nodig het, is 'n biografiese skets van u van ongeveer 200 tot 1 000 woorde waarin u sê waar u gebore is, skool gegaan het, musiekopleiding voltooi het, en besonderhede verskaf van publikasies, familie, stokperdjies, ens. Verder 'n foto van uself en, indien moontlik, verskeie foto's wat 'n beeld gee van u lewe en werk. Wat ons baie sal waardeer, is uitknipsels uit koerante en tydskrifte i.v.m. u publikasies of musiekuitvoerings.

Ons sal ook graag in bewaring wil neem, die argiewe van musiekverenigings en organisasies. Ons soek dus alles i.v.m. die Suid-Afrikaanse musieklewe en musiekgeskiedenis. Hierdie materiaal word veilig bewaar in staalkabinette vir toekomstige geslagte en navorsers. Op hierdie wyse word 'n groot agterstand ingehaal wat betref musiekdokumentasie. Graag ontvang ons adresse van musici, komponiste, musiekverenigings, organisasies, ens.

Met vriendelike groete,

Die uwe,

(Get.) P. J. NIENABER,

(vir President).





